# 'N PASTORALE GROEIMODEL VIR DIE ONTWIKKELING VAN SPIRITUALITEIT TYDENS ROUSMART

Wouter de Wet van Velden

Werkstuk ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad van

**MAGISTER IN DIE TEOLOGIE**

aan die

Universiteit van Stellenbosch

Studieleier: Prof. D.J. Louw

Vakgebied: Diakoniologie

November 1996

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# VERKLARING

Geldelike bystand gelewer deur die Sentrum vir Wetenskapontwikkeling (RGN, Suid-Afrika) vir hierdie navorsing word hiermee erken. Menings uitgespreek en gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die outeur, en moet nie noodwendig aan die Sentrum vir Wetenskapontwikkeling toegeskryf word nie.

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie skripsie vervat my eie oorspronklike werk is, wat nog nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige ander Universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê is nie.

W de W van Velden

5 November 1996

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# OPSOMMING

Rousmartpastoraat het dikwels die tekortkoming dat die bedieningstrategie meer op korttermyn betrokkenheid ingestel is as op 'n langtermyn begeleidingsproses. Die predikant se betrokkenheid fokus hoofsaaklik op die krisis rondom die aanvanklike skokfase.

Die duur van die rouproses is moeilik voorspelbaar. Die pastor moet daarom 'n langtermyn benadering volg. Hierdie langtermyn benadering moet erns maak met die interafhanklikheid van enersyds die rouproses en andersyds 'n groeiproses. So 'n benadering kan tipeer word as 'n pastorale groeimodel waar Clinebell se groeimodel as basis gebruik word.

Die doelstelling van hierdie pastorale groeimodel is die ontwikkeling van spiritualiteit. Spiritualiteit word verstaan as die totale menslike lewe in gemeenskap met God en dit sluit die volgende aspekte in: Identiteit, intimiteit, sondigheid, heerskappy, sterflikheid, heiligheid en verbondenheid. Vanweë die holistiese karakter van spiritualiteit word die treurende in geheel aangespreek - in sy of haar totale menswees. Dit skakel die gevaar uit dat die pastoraat skuldig kan wees aan 'n beklemtoning van enersyds die geestelike aspek of andersyds die menslike aspek van die mens.

'n Pastorale groeimodel vir die ontwikkeling van spiritualiteit tydens rousmart is 'n omvattende, begronde pastorale model wat met groot vrug gebruik kan word tydens rousmartpastoraat.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# ABSTRACT

Grief pastorate often has the shortcoming where the ministry strategy focuses more on short term involvement than a long term accompaniment. The minister's involvement necessarily focuses on the crisis around the initial shock phase.

The duration of the grief process is hardly predictable. The pastor must therefore follow a long term approach. This long term approach must set about in earnest with the interdependence of the grief process on the one hand and on the other hand a growth process. Such an approach can be characterised as a pastoral growth model where Clinebell's growth model is used as the basis.

The aim of this pastoral growth model is the development of spirituality. Spirituality is understood as the total human life in communion with God and that includes the following aspects: Identity, intimacy, sinfulness, lordship, mortality, holiness and commitment. Through the holistic character of spirituality the mourner is addressed in totality - in his or her total humanness. This eliminates the danger where the pastorate is guilty, on the one hand of emphasis of the spiritual aspect, on the other hand the human aspect of man.

A pastoral growth model for the development of spirituality during grief is a comprehensive, well-grounded pastoral model which could be made use of successfully during grief pastorate.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

*Hierdie skripsie word opgedra aan*
*my vrou Anine, ouers en skoonouers*
*vir hulle ondersteuning,*
*belangstelling en aanmoediging ten*
*tye van die studie.*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

***Geseënd is die wat treur, want hulle sal vertroos word.***

**Mt. 5:4**

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# INHOUDSOPGAWE

INLEIDING .. 1
PROBLEEMSTELLING .2
HIPOTESE 2
NAVORSINGSMETODE .3
NAVORSINGSBEPLANNING 3
BEGRENSING 4

HOOFSTUK 1: 'N PASTORALE GROEIMODEL ..5

1.1 Inleiding 5
1.2 Definiëring van groei .6
1.2.1 Groei as verandering .6
1.2.2 Groei is verandering in 'n volwasse georiënteerde rigting 7
1.2.3 Groei is interafhanklik .9
1.2.4 Groei dwardeur alle lewensfases ..9
1.3 Verband tussen rou en groei .10
1.4 'n Groeimodel 11
1.5 Heelheid - die samebindende doel van groei .16
1.5.1 Die kern van heelheid 17
1.5.2 Heelheid gedurende elke lewenstadia .17
1.5.3 Die kerk as versorgings- en bevrydingsgemeenskap .18
1.5.4 Heelheid en die gebruik van pastorale identiteit en outoriteit 18
1.5.5 'n Holistiese perspektief ..19
1.5.6 Heelheid en ander aspekte van die bediening 19
1.6 Die proses van persoonlike groei ..20
1.7 Hoop as groei-energie .22
1.8 Konklusie 29

HOOFSTUK 2: AARD VAN ROUSMART ..31

2.1 Inleiding 31
2.2 Wat is rousmart? 31
2.3 Normale rousmart 35
2.3.1 Gevoelens 35
2.3.2 Fisieke gewaarwordinge ..39
2.3.3 Kognisies 40
2.3.4 Gedrag 40

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

**2.4 Fases van rousmart** .....41
**2.4.1 Die verwarde fase** .....42
**2.4.2 Die soekende fase** .....42
**2.4.3 Die vormingsfase** .....43
**2.4.4 Die ordeningsfase** .....44
**2.5 Verskil tussen normale en abnormale rousmart** .....45
**2.6 Abnormale rousmart** .....46
**2.6.1 Die manifestasies van abnormale rousmart** .....46
**2.6.1.1 Kroniese rou-reaksie** .....49
**2.6.1.2 Vertraagde rou-reaksie** .....49
**2.6.1.3 Oordrewe rou-reaksie** .....49
**2.6.1.4 Gemaskerde of 'n onderdrukte rou-reaksie** .....50
**2.6.2 Abnormale rousmart en die verskillende fases** .....50
**2.7 Analise van die godsdienstige belewing in rousmart** .....50
**2.8 Faktore wat rou beïnvloed** .....51
**2.8.1 Relasionele faktore** .....51
**2.8.2 Omstandigheidsfaktore** .....52
**2.8.3 Historiese faktore** .....52
**2.8.4 Persoonlikheidsfaktore** .....52
**2.8.5 Sosiale faktore** .....53
**2.8.6 Die geslag van die treurende** .....53
**2.8.7 Die gesin** .....54
**2.8.8 Die lewens- en wêreldbeskouing van die treurende** .....54
**2.9 Konklusie** .....55

**HOOFSTUK 3: DIE ONTWIKKELING VAN SPIRITUALITEIT** .....57

**3.1 Inleiding** .....57
**3.2 Wat is spiritualiteit** .....57
**3.3 Kenmerke van menslike lewe** .....64
**3.3.1 Identiteit** .....65
**3.3.2 Intimiteit** .....70
**3.3.3 Sondigheid** .....77
**3.3.4 Heerskappy** .....89
**3.3.5 Sterflikheid** .....90
**3.3.6 Heiligheid** .....91
**3.3.7 Verbondenheid** .....96
**3.4 Konklusie** .....97

**HOOFSTUK 4: NAVORSINGSRESULTATE** .....100

**BIBLIOGRAFIE** .....102

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



# INLEIDING

*Die dood is vernietig,*
*die oorwinning is behaal.*
*Dood, waar is jou oorwinning?*
*Dood, waar is jou angel?*

1 Kor. 15:15

Die christen vandag weet van die oorwinning wat Christus oor die dood behaal het. Tog is die angel van die dood nog nie ten volle verwyder nie. Ons leef in die werklikheid van die reeds en nog-nie. Die treurende, die maat wat agterbly, ervaar nog pyn en hartseer. Jes. 25:8 is nog net gedeeltelik bewaarheid: *Hier sal die Here God die dood vir ewig vernietig, en die trane op almal se gesigte afvee.*

Die hartseer, trane en lyding wat die dood meebring is onontkombaar. Hierdie smart tref elke mens een of ander tyd in sy of haar lewe. Rousmartpastoraat is vandag nog net so lewendig as voor Christus se dood en opstanding.

Hierdie pastoraat vra 'n besondere sensitiwiteit en betrokkenheid van die pastor. *Daar gaan 'n besondere appèl uit na die pastor, omdat rousmart die mens terugwerp op die diepste dimensie van sy bestaan* (De Klerk 1972:19). Hierdie bestaansdimensie plaas die persoon in 'n weerlose situasie wat besondere uitdagings aan die pastoraat stel. Die uitdaging is om die treurende te help om suksesvol deur die rou te werk, maar dit strek ook nog wyer - om die treurende in sy of haar posisie te help om te groei[1] tydens die rouproses. Hierdie groei is 'n groei na heelheid[2] in 'n omvattende sin.

---

1 Die term groei sal later in meer volledigheid bespreek word.
2 Die term heelheid sal later in meer volledigheid bespreek word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Heelheid in pastorale terme sluit ook die persoon se verhouding met God in. Daarom is die ontwikkeling van spiritualiteit[3] besonder belangrik tydens rousmartpastoraat.

## PROBLEEMSTELLING

Die probleem van die pastorale bediening tydens die krisis van rousmart is dat pastorale bedieningstrategieë dikwels meer op 'n korttermyn betrokkenheid ingestel is as op 'n langtermyn begeleidingsproses. Die predikant se betrokkenheid fokus hoofsaaklik op die krisis rondom die aanvanklike skokfase. Dit blyk egter dat rousmart 'n proses is waarvan die duur moeilik voorspelbaar is. Die vraag is egter of die pastorale bediening nie meer op langtermyn prosesse moet fokus as op korttermyn "noodhulp" nie. Die verdere vraag wat opduik is dan: watter implikasies hou so 'n langtermyn benadering vir rousmartpastoraat in?

## HIPOTESE

Die navorsing wil die hipotese beredeneer dat die eintlike dieptepunt van rousmart gebeur nadat 'n tydsverloop plaasgevind het (ongeveer 2-6 maande) en dat die predikant in die bediening 'n krisismodel vir rousmart moet aanvul met 'n groeimodel ten einde op so 'n wyse langtermyn doelwitte in te bou wat daarop gemik is om spiritualiteit te ontwikkel. Pastoraat moet meer voorkomend te werk gaan en dus op 'n langtermyn doelwit in rousmartpastoraat fokus, as op blote korttermyn "noodbehandeling" ten einde patologie betyds te identifiseer en groei te fasiliteer.

Die werkstuk wil die verdere hipotese beredeneer dat rou en groei interafhanklik is en dat die verloop van die prosesse konstruktief begelei kan word indien die pastor daarop konsentreer om die dimensie van spiritualiteit

---

3 Die term spiritualiteit sal later in meer volledigheid bespreek word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



in terme van die treurende se geloofspotensiaal te cntwikkel, eerder as net bystand tydens die begrafnis, simpatiebetuiging, voorlesing en voorbidding by 'n paar geleenthede.

## NAVORSINGSMETODE

Hierdie skrywe is gegrond op navorsing wat uit die literatuur gedoen is. Dit is 'n teoretiese studie wat gebruik maak van kritiese analise en beredenering ten einde tot 'n verheldering van bogenoemde hipotese te kom.

## NAVORSINGSBEPLANNING

- In hoofstuk 1 sal aandag gegee word aan die term *groei* en die verband wat dit met *rou* het. Verder sal die aard van 'n groeimodel ter sprake kom, asook die doel van so 'n model en die motief daaragter. Die doel van die hoofstuk is om die relevansie aan te toon wat die model vir die pastoraat kan hê.

- Hoofstuk 2 sal aandag gee aan die aard van rousmart: normale en abnormale rousmart, fases wat betrokke is en emosies wat 'n rol speel. Die verband tussen rousmart en 'n pastorale groeimodel sal ook aangetoon word.

- Hoofstuk 3 kyk spesifiek na die plek van spiritualiteit in rousmart en hoekom spiritualiteit relevant is vir 'n pastorale benadering. Die ontwikkeling van spiritualiteit word deur middel van 'n pastorale groeimodel aangetoon.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



## BEGRENSING

Hierdie werkstuk poog nie om 'n volledige uiteensetting van die pastoraat in al die fases van die treurproses te gee nie. Die navorsing is gemik op die pastoraat gedurende die fases na die aanvanklike skokfase van rousmart.

Die term rousmart word in hierdie werkstuk as volg verstaan en hanteer: Rousmart is 'n afskeidsproses van smart, pyn, hartseer en gebrokenheid wat 'n man of vrou ervaar tydens die afsterwe van sy of haar gade. Hierdie ervaring van verlies - 'n onomkeerbare verlies - het die intensiteit van 'n akute vorm van hartseer en smart. Die laat die persoon hulpeloos en kragteloos.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



# HOOFSTUK 1

# 'N PASTORALE GROEIMODEL

## 1.1 INLEIDING

Die eerste vraag wat by 'n mens opkom wanneer 'n mens die onderwerp van hierdie werkstuk lees, is: Hoekom sal iemand nou hieroor navorsing wil doen? Hoekom is dit 'n belangrike onderwerp vir die mens?

Dit is net nodig om na die volgende aanhalings te kyk om te besef dat die onderwerp miskien nader aan elkeen van ons lê as wat ons miskien aanvanklik gedink het.

*It* (death) *may come when it is neither expected nor wanted. Its time is its own. It is always unknown and unknowable, mystery and uncertainty. It may be peaceful or violent, anticipated or sudden, and it may be accompanied by stigma, shame, pain or pride. And it has the awesome power to rob one of those one loves - to bring the greatest of human pain, grief* (Raphael 1984:4).

*Probably the most traumatic experience for people - yet the one they are least prepared to cope with - is the loss of a loved one* (Corazzine 1980:71).

*When death comes into our lives, questions come into our minds. The most important question may be: "How do I go on?"* (Nelson 1980:133)

Niemand is immuun teen die dood nie - nie net die persoon se eie dood nie, maar ook die dood van dié wat vir hom of haar belangrik is. Die dood is deel van die lewe. Die dood kan nie geïgnoreer word nie. Dit bring hartseer, verandering en krisis mee. Die dood is 'n harde werklikheid.

Die mens het 'n kapasiteit om lief te hê, maar hierdie kapasiteit stel die mens ook in die posisie om te ly. Liefde maak die mens kwesbaar vir verlies. Die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



vermoë om lief te hê, maak rousmart 'n werklikheid. Dit is seker ook wat C.S. Lewis onder andere bedoel het toe hy gesê het dat die hartseer nóú (ná die persoon se dood) deel is van die geluk tóé (vóór die persoon se dood).

Tog hoef rousmart nie die einde van die persoon se lewe te beteken nie. Rousmart kan ook 'n begin wees. Rousmart kan 'n proses wees waartydens 'n persoon tot groter volwassenheid en vervulling groei. Die kerk kan hierin 'n rol speel. Om relevant te bly, as randfiguur in 'n steeds veranderende sekuliere samelewing, móét die kerk inderdaad 'n rol speel. Daarom is dit nodig dat die kerk na nuwe en vars maniere sal soek om mense te versorg.

Hierdie hoofstuk wil 'n pastorale evaluering maak van die moontlikheid van 'n groeimodel vir rousmart. Kan 'n groeimodel die pastoraat dien in die versorging van mense tydens rousmart?

Om 'n antwoord op hierdie vraag te kry is dit noodsaaklik om eers duidelikheid te kry wat met *groei* bedoel word.

## 1.2 DEFINIëRING VAN GROEI

Groei is 'n algemene term. Dit word gebruik om verskillende ervaringe te verwoord. Die HAT gee bv. die volgende verklarings: 1) In grootte, lengte en/of omvang toeneem; 2) In gewig, kondisie toeneem; 3) Opskiet en tot volle wasdom kom; 4) In graad, hewigheid toeneem.

Bogenoemde bied egter nie 'n genoegsame verklaring vir die pastoraat nie. Wat verstaan die pastoraat dan onder groei?

### 1.2.1 Groei as verandering

Groei is verandering. 'n Mens kan nie groei sonder om te verander nie. Daar moet nuwe dinge in die persoon se lewe wees - nuwe vaardighede, nuwe houdings, nuwe verhoudings, nuwe insigte, nuwe waardes en betekenisse.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



### 1.2.2 Groei is verandering in 'n volwasse-georiënteerde rigting

Dit is 'n feit dat nie alle mense in hierdie rigting van volwassenheid groei nie. Tydens rou gaan hulle eerder agteruit, regressie vind plaas. Maar wat behels hierdie volwassenheid? Wat is volwassenheid?

Hierdie vraag is 'n baie omvattende vraag en die werkstuk wil nie poog om dit volledig te beantwoord nie. Hier gaan volstaan word met die opsomming van Sullender (1985:67-68). Sullender maak van die term *gesondheid* gebruik, maar dit het na my mening 'n te sterk mediese karakter. Omdat die werkstuk nie vanuit 'n mediese model wil werk nie, verkies ek om die term *volwassenheid* (eerder as gesondheid) te gebruik.

1) Volwasse persone neem die werklikheid akkuraat waar. Die lewe, ander en hulself word gesien soos dit werklik is. Die realiteit word akkuraat waargeneem, ongeag hoe swaar dit mag wees. Verdedigingsmeganismes, illusies en ander maniere van selfmisleiding word verwerp.

2) Volwasse persone is ten volle bewus van hulself, hulle gevoelens, liggaamlike sensasies en kognitiewe prosesse.

3) Volwasse persone aanvaar hulself. Hulle het 'n akkurate waarneming van hulle swak- en sterk punte. Hulle het 'n stabiele selfbeeld wat hulle in staat stel om hulself te aanvaar, te vergewe en selfs om van hulself te hou.

4) Volwasse persone het 'n holistiese lewensbenadering. Al die verskeie komponente van hulle psigiese-, sosiale- en geestelike lewe is geïntegreer. Hulle is deurgaans kongruent.

5) Volwasse persone het 'n kapasiteit vir liefde. Hulle is in staat om intieme interpersoonlike verhoudings te kweek - gekarakteriseer deur warmte, sorg, intimiteit en eerlikheid.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



6) Volwasse persone is kompetente mense. Hulle het vaardighede, kennis en selfvertroue om suksesvol te wees in dit wat hulle kies om te doen.

'n Mens wil nou vra of daar dan iemand is wat volwasse is. Niemand is volkome volwasse nie, maar dit is tog die meeste mense se mikpunt. Volwassenheid moet, soos gesondheid, reg begryp word. *We tend to see health as the absence of gross dysfunction rather than the presence of a full, rich quality of consciousness, creativity, and relationships* (Clinebell 1979:18). Daarom is volwassenheid nie die afwesigheid van sekere dinge nie, maar eerder die aanwesigheid van sekere eienskappe en vaardighede.

Verder is dit belangrik om onderskeid te tref tussen groei en volwassenheid. Groei is nie gelyk aan volwassenheid nie, maar groei is 'n verandering in die rigting van volwassenheid, *in a direction that increases a person's accurate perception of reality, full awareness, self-acceptance, wholeness, competency and capacity for love. This is growth* (Sullender 1985:68). Groei is die ontwikkeling van sekere van hierdie eienskappe en vaardighede wat met volwassenheid in verband gebring word.

Louw (1993:173) wys daarop dat volwassenheid die bereidheid is om die proses van groei as 'n opgawe te sien. Dit behels 'n voortdurende inset om kongruent te lewe en te kom tot 'n korrelasie tussen dit wat jy is en dit wat jy behoort te wees. Identifikasie (as 'n aspek van volwassenheid) behels 'n groeiproses. Dit beteken dat die mens elke struikelblok of krisis (ook die dood van 'n geliefde) sien as 'n uitdaging wat oorwin kan word en wat tot positiewe ontwikkeling aanleiding kan gee. So groei die mens tot volledige self en lewensontplooiing.

Volwassenheid is nie net gerig op die toekoms nie. Volwassenheid het ook met die hede te make, *a healthy personality is the ability to be emotionally in the present, to "live in the here and now"* (Sullender 1985:82).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



### 1.2.3 Groei is interafhanklik

Groei is multi-dimensioneel. Die verskillende areas van groei (fisies, intelektueel, sosiaal, psigologies, geestelik) is interafhanklik. Groei in een area stimuleer groei in 'n ander area. Alle dimensies van die lewe is potensiële groei areas.

### 1.2.4 Groei dwarsdeur alle lewensfases

Groei in al die dimensies van die lewe kan deur die persoon se hele lewensloop plaasvind. Groei (fisies, intelektueel, sosiaal) in die eerste derde van die lewe is eintlik natuurlik en bykans onvermybaar. Groei (intelektueel, psigologies, geestelik) in die volwasse tydperk van die persoon se lewe is egter nie noodwendig natuurlik nie, maar eerder deur keuse.

Die potensiaal tot menslike groei word vergroot deur besluitneming, aksie en self-dissipline. Dit vorm dikwels die kern van groei in die volwasse tydperk van die persoon se lewe.

Dit mag nou lyk asof groei iets makliks is, maar dit is nie so eenvoudig nie. *Growth involves both struggle and satisfaction, both pain and joy. The process of growth brings the satisfactions of developing more effective skills for living. But the process often involves struggle and pain. Growing involves risk since it means letting go of what we are (which often feels safe and comfortable) without knowing in advance what we will become* (Clinebell 1979:47).

Daarom kan 'n mens dus sê dat groei nie iets staties is nie - dit is nie 'n toestand nie. Groei is 'n proses van verandering waar die persoon op pad is na volwassenheid. Dit is 'n multi-dimensionele proses wat inderdaad deur die mens se hele lewensloop (kan) plaasvind.

Dit beteken dat wanneer die mens rousmart in sy of haar lewensloop ervaar, groei in beginsel ook kan plaasvind. Wat is dan die verband tussen rou en groei?

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



## 1.3 VERBAND TUSSEN ROU EN GROEI

Dit lyk aanvanklik of rousmart en groei niks met mekaar te make het nie, asof dit teenoorgestelde belewinge is. *Grief is associated with loss and loss by definition is a negative event* (Sullender 1985:65). Daarteenoor word groei as 'n positiewe gebeure beskou. Rou kan egter 'n tyd wees wat baie groei en kreatiwiteit stimuleer. In die geskiedenis blyk dit dat baie groot kuns- en musiekwerke gebore is uit lyding. Die komponis, skilder of skrywer het 'n persoonlike verlies ervaar en gefokus op temas van verlies en dood. Dit wil tog lyk of die twee terme iets met mekaar te make het.

Rou en groei is interafhanklik. Daar is wel 'n tydsprioriteit van rou voor groei. *Grieving is largely past-oriented. Grieving helps the psyche to "let go" of the past emotional attachments that are now lost. Growth is largely future-oriented. Growing helps people move into new directions, make new commitments and enter new stages of development. There is a sequence to this process in which people must first grieve and then grow. Grieving sets the stage for growth* (Sullender 1985:80).

Groei is haas onmoontlik as daar nie eers gerou is nie. Mense kan nie vorentoe beweeg as die verlede hulle nog vashou nie. Die menslike lewe is baie kosbaar, veels te kosbaar dat 'n deel daarvan verlore moet gaan omdat die verlede die persoon terughou. Wanneer dit gebeur verloor die mens een van sy/haar kosbaarste besittings - die lewe self.

Die pastor sal graag die ander persoon wil help om hierdie kosbare besitting, die lewe steeds sinvol te beleef en te hanteer. Vervolgens 'n groeimodel wat as model kan dien vir die pastor in sy of haar pastoraat aan die treurende, naamlik om die ander persoon in staat te stel om te lewe en gestalte te gee aan die interafhanklikheid van rou en groei.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



## 1.4 'N GROEIMODEL

Howard Clinebell het aan die rousmartpastoraat 'n gereedskapstuk in die hand gegee met die daarstelling van 'n groeimodel. Vervolgens 'n bespreking van hierdie model.

Clinebell (1979:17) gee die volgende definisie: *Growth counseling is a human-potentials approach to the helping process that defines the goal as that of facilitating the maximum development of a person's potentialities, at each life stage, in ways that contribute to the growth of others as well and to the development of a society in which all persons will have an opportunity to use their full potentialities.* Daarom is die pastor eintlik 'n bevryder. Hy/sy wil die mens bevry van die tronk van 'n ongeleefde lewe en help om 'n voller en betekenisvoller lewe te lei. Die pastor wil die persoon bevry van die juk wat die rousmart op die persoon plaas en so hom of haar beroof van die lewe.

Hy wys op die volgende aspekte in sy groeimodel:

1) Die oorkoepelende doelstelling van alle pastorale sorg is bevryding, bemagtiging en die vestiging van 'n heelheid wat gesentreer is in die Gees.

2) Geestelike en etiese heelheid is die kern van alle menslike heelheid.

3) Pastorale sorg poog om beide sielkundige en teologiese insigte te gebruik en te integreer in die mens se situasie en die genesing van die persone.

4) Pastorale sorg moet holisties wees - genesing en groei ten opsigte van al die dimensies van die mens. Dit onderskryf 'n sistemiese benadering.

5) Spesifieke geleenthede van pastorale versorging gedurende verskillende lewenstadia.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



6) Pastorale versorging, binne die versorgende gemeenskap van 'n gemeente, is die konteks en fondament vir die herstellende bediening van pastoraat.

7) Pastorale versorging is die gesamentlike poging van die pastor en die hele gemeente.

8) Krisisse en verliese in die lewens van individue en families en sosiale krisisse vorm die meeste geleenthede vir sorg. Korttermyn krisishantering staan sentraal in die bediening.

9) Pastorale sorg moet bevry word van die middel-klas, wit, manlike oriëntasie en meer inklusief raak betreffende verstaan, belang en metode.

10) Mense moet in staat gestel word om meer konstruktief op te tree. Hulle houdings, gevoelens en waardes is sentraal in die hele proses.

11) Pastorale sorg moet die pastor se identiteit en rol uitwys en versterk.

12) Metodes wat gebruik maak van die regterbrein (intuïsie en verbeelding) moet meer gebruik word en in samehang met die linkerbrein (analities, rasioneel, probleem-oplossend) vir genesing en groei. Dit sal 'n holistiese transformasie tot gevolg hê.

13) Heelheid by man en vrou moet meer oorkoepelend verstaan word. Groei moet aangemoedig word wat verder strek as die tradisionele geslagsrol stereotipes.

14) Die pastor moet sy/haar konseptuele basis en metodologie versterk deur van die nuwere ontwikkeling en tegnieke in die sielkunde en pastoraat gebruik te maak in sy of haar groei-georiënteerdheid.

15) Pastorale sorg moet op alle terreine van die bediening plaasvind (aanbidding, preek en sosiale optrede).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



16) Die pastor self moet bly *groei.*

Groei omvat volgens Clinebell ses aspekte. Dit behels die volgende:

**1. Verlig die denke**

Dit is die ontwikkeling van die persoon se gedeeltelik gebruikte persoonlikheid as bron vir denke, gevoel, ervaring, visie-vorming en skepping. Verryking van bewussyn, losmaking van kreatiwiteit, verdieping van insig, verskerping van bewustheid, verruiming van intellektuele en artistiese horisonne - dit alles is deel van 'n heelword-benadering in die pastoraat.

**2. Beleef die liggaam as besield**

Leer om die liggaam meer te gebruik en te geniet - meer effektief en liefdevol. Die persoon moet loskom van die ek-liggaam skeiding en leer om die eenheid wat daar bestaan te geniet. Daarom is dit soms nodig dat die pastoraat ook aandag gee aan gesonde eetgewoontes, oefening en spanningsvermindering. *Alienation from our bodies is a major cause of nonpotentializing* (Clinebell 1979:25).

**3. Vernuwe en verryk intieme verhoudings**

Die mens se verhouding tot sy naaste is 'n belangrike aspek van heelheid. Daarom moet persone gehelp word om die netwerk van verhoudinge te herstel, vernuwe en verdiep. Die mens se persoonlikheid word gevorm, vervorm en getransformeer binne verhoudings. Heling en groei is gekoppel aan die kwaliteit van betrokke verhoudings. Die mens **het** nie net sekere verhoudings nie, maar in 'n sekere sin **is** die mens verhoudings.

**4. Verdiep die verhouding met die natuur en die biosfeer**

Die mens se verhouding tot die natuur word verdiep deur bewustheid, gemeenskap en versorging van die ekologie te verskerp. Wanneer die persoon 'n versorgende verhouding met Moeder Natuur het, is die persoon ook in staat tot groter heelheid.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Hierdie aspek geniet vandag al meer aandag. Die aarde is nie net vir die mens gemaak nie. Die mens is ook vir die aarde gemaak. Vanweë 'n misvatting hieromtrent het die mens reeds onherstelbare skade aangerig. Die mens en die aarde staan in 'n delikate verhouding. Hierdie verhouding moet vertroetel en beskerm word.

**5. Groei in die verhoudings met belangrike gemeenskapsinstellings in die persoon se lewe**

Die swakplek in baie pastorale sorg is te wyte aan hiper-individualisme. Dit maak nie erns met die invloed wat rassisme, seksisme, ouderdom, klassisme, nasionalisme, politiese onderdrukking ens op die groei van die persoon het nie. As individuele pastorale sorg die een kant van die munt is, is pastorale sorg van die groep of gemeenskap die ander kant. Persone moet bewus gemaak word van die pyn en die seer wat dikwels gewortel is in die gemeenskap. Heelheid in 'n gemeenskap staan sentraal.

**6. Verdiep en verryk die persoon se verhouding met God**

Dit is die bindende element van die voorafgaande vyf aspekte. *The key to human flowering is an open, trustful, nourishing, joy-full relationship with the loving Spirit who is the source of all life, all healing, all growth. Methods of spiritual healing and growth aim at enhancing our meanings, our guiding values, our faith, our moments of transcendence ("peak experiences" - Maslow), and our empowering relationship with the creative Spirit of the universe* (Clinebell 1984:33).

Hierdie aspek kan ook die ontwikkeling van spiritualiteit genoem word omdat daar sprake is van die mens se lewe in gemeenskap met God. Later meer hieroor.

Dit is jammer dat die samelewing dikwels hierdie ses aspekte los van mekaar maak. Die aspekte word gekompartementaliseer en verdeel tussen

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



verskillende professies. Die herstel en die groei van die mens is geleë in al ses die aspekte.

Wanneer groei ten opsigte van enige van hierdie aspekte voorkom, stimuleer dit groei in die ander aspekte. Stagnasie in een aspek veroorsaak weer stagnasie in die ander aspekte. Pastorale sorg wil groei en balans in al ses aspekte stimuleer.

Clinebell se groeimodel is 'n omvattende model, maar dit mis tog die hart van 'n pastorale groeimodel. Die hart van 'n pastorale groeimodel lê in die besondere verhouding wat daar tussen God en die treurende bestaan. Die basiese groeimodel sal dus uitgebrei moet word om ruimte te skep vir die teologiese aard van groei in 'n pastorale groeimodel.

Groei vind teologies plaas wanneer spiritualiteit[1] ontwikkel. Daarom dan dat temas soos Godsvoorstellinge, skuld en vergifnis belangrike teologiese temas is in 'n pastorale groeimodel.

'n Mens sou ook kon sê dat pastorale sorg in 'n pastorale groeimodel bevryding is van, bevryding vir en bevryding tot. Bevryding van al daardie dinge in individue, verhoudings, groepe en gemeenskappe wat beperkend inwerk op die ontwikkeling van die God-bedoelde moontlikhede van die persoon. Bevryding vir die lewe in die Gees wat gestalte kry in liefdevolle diens. Bevryding tot die lewe in al sy volheid.

Clinebell se groeimodel word ondersteun deur die volgende groeiformule wat as 'n kort samevatting van sy metodologie gesien kan word:

**GROWTH = CARING + CONFRONTATION**

Onder *caring* verstaan hy die aanvaarding, bevestiging, genade en liefde wat in die pastorale verhouding teenwoordig moet wees. Onder *confrontation* verstaan hy 'n oopheid en eerlikheid teenoor die aspekte van die realiteit wat

---

1 Spiritualiteit word hiervolgens verstaan as 'n menslike lewe in gemeenskap met God. Meer hieroor in hoofstuk 3.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



ontken of geïgnoreer word. Hierdie konfrontasie veroorsaak eers verandering wanneer dit self-konfrontasie word. Om dit te bereik is die pastorale verhouding baie belangrik, anders word die konfrontasie verwerping wat groei inhibeer.

Hierdie groeiformule behoort dan in die praktyk die volgende uitwerking op mense te hê: *They are able to handle their load of problems, losses and responsibilities more constructively. They continue developing their unique personhood centered in an increasingly meaningful relationship with God. They increase their ability to be agents of reconciliation and wholeness in their family, community, and church.* (Clinebell 1984:31)

Hierdie laaste aanhaling bring die tema van heelheid op die tafel. Heelheid wat nie in selfvervulling gegrond is nie, maar wat relasioneel is. Die persoon is heel in relasie met iets of (I)iemand. Heelheid kan ten diepste gesien word as die samebindende doel van groei.

## 1.5 HEELHEID - DIE SAMEBINDENDE DOEL VAN GROEI

In Joh. 10:10 word heelheid van die mens beskryf as "lewe". *Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed.* (NAV) Die kerk moet daarom 'n sentrum van lewe wees. 'n Plek waar mense versorg en aangemoedig word om werklik te lewe. *The gospel is experienced as good news whenever it frees and empowers people to live out God's dream and intention that they have life in all its fullness.* (Clinebell 1984:28)

De Klerk (1972:25-26) wys daarop dat die mens waarvan hier sprake is, as eenheid integrering vereis. Die mens is 'n eenheid wat heelheid ten doel het. Die mens is 'n totaliteit wat nie in kompartemente ingedeel kan word nie. Elke mens het 'n bepaalde eiesoortige psigiese sisteem (individualiteit) wat in 'n eie struktuur deur die ek saamgebundel word (persoonlikheid) tot 'n eie selfstandigheid met 'n eie gevoelslewe (waarderingsfunksie), 'n eie gemoed

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



(gevoelsvatbaarheid), 'n eie stemmingslewe (gemoedstoestande), 'n eie temperament (gevoelsaanleg), 'n eie voorstellings-, denk- en wilslewe, met spesifiek eie instikte, motiewe, hartstogte en neigings, 'n eie karakter as die geheel van die kenmerkende eienskappe van die individu. Tussen die verskillende eienskappe wat in die mens onderskei kan word, is daar 'n onderlinge samehang, wisselwerking en verband. Ook die geloof, wat die besondere vlak vir die pastoraat is, word gerealiseer in die psigiese funksies. Daarom is 'n breë en diepe insig in die psigologiese struktuur van die mens nodig, want dit vorm die substraat van die Gees se genadewerk in ons.

### 1.5.1 Die kern van die heelheid

Die kern van heelheid is ten diepste 'n geestelike heelheid. Clinebell (1984:30) stel dit as volg: *Helping people learn how to increase the power and aliveness of their faith, their values, their here-and-now contact with the loving Spirit of the universe, is an implicit if not an explicit goal of all types of pastoral care and counseling, whatever their other goals.*

Hierdie geestelike heelheid stel Richards (1987) as die ontwikkeling van spiritualiteit. Daarom sal 'n beweging in die rigting van heelheid die ontwikkeling van spiritualiteit behels. Die temas wat hy hieronder behandel is identiteit, intimiteit, sondigheid, heerskappy, sterflikheid, heiligheid en gemeenskap. 'n Begronding vir die keuse van hierdie temas sal in hoofstuk 3 gedoen word. Vir die doeleindes van hierdie ondersoek sal hierdie temas die kern van heelheid behels.

### 1.5.2 Heelheid gedurende elke lewenstadia

Pastorale sorg is die mees effektiewe wanneer dit ontwikkelings-georiënteerd is. Dit maak erns met die lewenstadia waarin die persoon is en die moontlikhede van groei wat daar in elke lewenstadium opgesluit lê.

Hoewel die mens as eenheid heelheid nastreef, hef dit nie sy of haar uniekheid op nie. Elke persoon het bv. 'n unieke gevoelsbelewing tydens

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



rousmart en dit vra 'n unieke hantering van hierdie persoon as eenheid om 'n unieke heelheid tot gevolg te hê. Hierdie heelheid is 'n unieke heelheid op 'n spesifieke lewenstadium.

### 1.5.3 Die kerk as versorgings- en bevrydingsgemeenskap

Pastorale sorg soos dit in die Nuwe Testament verstaan word, is die taak van die gemeente as geheel. Die hele bediening en gemeente moet gemik wees op 'n pastorale atmosfeer. Hierdie atmosfeer kan 'n persoon help in die hantering van 'n krisis. Die pastor moet nie net die gemeente opvoed tot so 'n gemeenskap nie, maar hy/sy moet ook die gemeentelede se kwaliteite, rolle en bates gebruik in die vestiging van so 'n pastorale atmosfeer wat heelheid bevorder.

Die grootste hoeveelheid geleenthede vir pastorale versorging in die kerk is tydens lewenskrisisse. Twee tipes krisisse kan onderskei word: Die eerste krisis raak die algemene stresvolle situasies van die lewe (huwelik, geboorte, aftrede ens). Die tweede is onverwagte stresvolle situasies en verliese (siekte, ongeluk, hospitalisasie, werkloosheid, verhuising, natuurlike rampe).

Die doel van die pastorale versorging is om die persoon in staat te probeer stel om die krisis as groeigeleentheid te sien om sodoende tot groter heelheid te kan kom. Dit word gedoen deur aktiewe krisishantering, ondersteuningsgroepe en ander persone buiten die pastor wat ook versorging gee.

### 1.5.4 Heelheid en die gebruik van pastorale identiteit en outoriteit

'n Groot winspunt in die bediening is die feit dat die predikant (pastor) die voorreg het om uit te reik. Hy of sy hoef nie te wag totdat hulp aangebied word nie. Vanweë die rol van die predikant in die gemeente kan hy/sy die inisiatief neem in die pastorale proses.

Die pastor word die reg toegeken om as fassiliteerder van heelheid op te tree.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



### 1.5.5 'n Holistiese perspektief

Heelheid by man en vrou as oorkoepelende term is een van die belangrikste bydraes van die feminisme tot 'n holistiese siening van gesondheid en heling. Clinebell (1984:37) beskryf dit as volg: *By androgynous wholeness I mean a balanced development of one's vulnerable, nurturing, feelingful side (inaccurately labelded the 'feminine' side of the personality by Carl Jung) and one's rational, assertive, analytical side (inaccurately labeled the 'masculine' side). Most of us neglect developing fully one of these two sides of our personalities. Growth Counseling encourages people to nurture and integrate both sides, recognizing that they are complementary, (and) equally valuable aspects of our full humanity as women or men.*


### 1.5.6 Heelheid en ander aspekte van die bediening

Die verskillende aspekte van die bediening is interafhanklik. Die doel van hierdie funksies (prediking, aanbidding, onderrig, profetiese bediening, gemeenskapswerk) is om heelheid te bevorder wat gesentreer is in die Gees. Al hierdie aspekte is 'n instrument vir groei en heling wat in diens staan van pastorale versorging.

Persoons-gesentreerde *prediking* is een van die predikant se grootste geleenthede om heelheid in die gemeente te stimuleer deur horisonne te verbreed, Bybelse wysheid op wêreldse probleme te werp en om gemeentelede uit te daag om te groei. *Aanbidding* is 'n geleentheid waar persone gehelp kan word om hulle vertroue te versterk, skuld te bely en daarvoor vergifnis te kry en geestelike honger te stil. *Onderrig* is waar heelheid bewerk word deur wysheid wat uit die tradisie na vore kom. *Leierskap en ontwikkeling* is die organisasie en strukture wat heelheid bevorder. Die gebruik van "gewone gemeentelede" deur opleiding om hulle in staat te stel om deel te word van die pastorale sorg *(lay enabling)*. *Profetiese bediening* poog om die gemeenskap aan te spreek om heelheid te bevorder en nie te versmoor nie. *Gemeenskapswerk* is die bediening ook na die behoeftes van die mense wyer as die kerk se grense.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za






## 1.6 DIE PROSES VAN PERSOONLIKE GROEI

*The aim of Growth Counseling is to facilitate and accelerate potentializing, the ongoing process of growth work by which people actualize their emerging capacities* (Clinebell 1979:42). Implisiet in hierdie konsep van groei is die oortuiging dat die mens oor betekenisvolle "ongebruikte" reserwes beskik asook 'n latente vermoë om hierdie bate te ontwikkel en te versterk.

Die noodsaaklikheid van hierdie ontwikkeling en versterking is geleë in die feit dat die keuses vandag 'n invloed het op môre se moontlikhede. *In the flow of one's life, today's choices limit or expand tomorrow's growth possibilities. A person's potential is a dynamic, developing, changing stream, not a fixed quantity to be uncovered* (Clinebell 1979:39). Groei kan dus deurgaans in 'n persoon se lewe plaasvind. Groei vind plaas terwyl die persoon lewe. 'n Persoon kan groei deur te lewe.

Om te glo in groei beteken dat die pastor glo in die persoon se vermoë om te groei voor die persoon self bewus is van die groeimoontlikhede.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



*Pastoral care and counseling involve the utilization by persons in ministry of one-to-one or small group relationships to enable healing empowerment and growth to take place within individuals and their relationships* (Clinebell 1984:25).

*A person can grow gradually and quietly or suddenly and dramatically* (Sullender 1985:70). Dit is eers na 'n sekere tydsverloop dat die persoon kan terugkyk en besef dat hy/sy gegroei het. Tog is dit so dat 'n persoon dikwels in 'n sekere gebied vassteek en nie wil groei nie. Dit is dikwels een of ander dramatiese gebeure wat die persoon dwing om te verander en te groei. Hierdie gebeure is dikwels verlies-gebeure. *Loss events have a way of initiating periods of rapid growth* (Sullender 1985:70).

Wanneer groei dan plaasgevind het, stimuleer hierdie groei weer verdere groei. So stel dit die persoon in staat om 'n groter heelheid te ervaar, om 'n voller lewe te leef.

*As the rage and despair, the guilt and the grief of unlived life are diminished and as people learn how to live more growthfully, their destructiveness often diminishes drastically. As they begin to use more of their potential, the destructive energy seems to be transformed as if it were rechanneled into growing* (Clinebell 1979:61).

Pastorale versorging wat erns maak met hierdie groei-benadering moet nie net konstruktiewe gedrag by die persoon aanmoedig nie, maar ook sy of haar gevoelens en houdings ernstig opneem. Tradisionele terapie gaan van die standpunt uit dat verandering in gedrag die resultaat is van verandering in gevoelens en self-waarneming. Die teenoorgestelde is egter volgens Clinebell (1984:35) ook waar. *Constructive changes in relationships and behavior often produce significant feeling and attitudinal changes. Pastoral counseling, therefore, aims at helping persons deal constructively with their immediate problems, make decisions, face responsibilities, and make amends for self-other hurting behavior, as well as expressing, experiencing, and eventually resolving growth-blocking feelings, attitudes, and self-perceptions.*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Hanteringsvaardighede is soos 'n spier. As dit nie geoefen is nie, werk dit nie so goed nie. Pastorale versorging moet dus die persoon help om hierdie spier op die regte tyd op die regte manier te oefen. Die spier moet in oefening bly om te groei.

Sullender (1985:76) wys daarop dat persone se groei beïnvloed word deur waarneming van vryheid, verantwoordelikheid en keuse. Mense het gewoonlik groter keusemoontlikhede in 'n krisissituasie as wat hulle dink. Vanweë die spanning van die situasie verloor die persoon visie op sy/haar keuses. Dit is maklik om hulpeloos te voel. Gewoonlik is die keuse nie vir of teen die verlies nie. Die verlies is 'n feit, maar tog kan die persoon kies om te rou of nie; kies hoe die persoon gaan rou; kies saam met wie die persoon gaan rou; kies wanneer die persoon gaan rou. 'n Persoon het tog 'n keuse van hoe hy/sy gaan reageer op die verlies. *Growth begins to occur when we recognize our choices and assume responsibility for our lives. We are deciding in those moments not to let fate control us. Rather, we shall control fate. We shall take charge of our lives and make something good out of whatever tragedy has befallen us* (Sullender 1985:76).

Saam met hierdie keuses loop ook 'n persoon se houding. Houding kan in die pad van groei staan of dit kan groei stimuleer. Die persoon moet uit 'n posisie van hulpeloosheid beweeg na 'n posisie van kontrole. Die persoon moet 'n houding ontwikkel van "ek het nog steeds 'n sekere mate van beheer oor my lewe". 'n Houding van "ek - arme slagoffer" bevorder nie die persoon se keuse-moontlikhede nie.

## 1.7 HOOP AS GROEI-ENERGIE

Groei het egter energie nodig. Die maak van keuses en die uitoefening daarvan kan nie vanself kom nie. Daar moet 'n dryfveer daaragter wees. Hierdie dryfveer is geleë in die hoop.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Dit staan teenoor die toestand wat Louw (1993:472) as "hoop"-loosheid beskryf. Dit is 'n magtelose gevoel of ervaring van kontroleverlies en hulpeloosheid. Wanneer hierdie toestand van "hoop"-loosheid voortduur sonder enige eksterne sekuriteite of steunpunte en die persoon oorweldig word deur 'n ervaring van algehele doelloosheid en sinloosheid, onstaan wanhoop. *Tussen "hoop"-loosheid en wanhoop bestaan daar slegs 'n graadverskil en nie 'n wesenlike aardverskil nie. Wanhoop is 'n toestand van bestaansvertwyfeling en 'n ervaring van sinloosheid as gevolg van die ontbreking van bestaansgeborgenheid.* (Louw 1993:473).

Die vraag wat in die pastoraat gevra word, is: Hoe kan die persoon gehelp word om weer sin te ontdek sodat sy of haar lewe 'n vorentoemoment kan verkry, 'n groeimoment? 'n Antwoord op die vraag is uiters problematies omdat dit 'n wesenlike aspek van die mens se daaglikse bestaan aantas, naamlik antisipasiemoontlikhede. Louw (1993) wys op twee basiese hipoteses. Die eerste is dat 'n positiewe en doelgerigte antisipasie-gedrag wesenlik is vir die konstruktiewe hantering van krisisse. Tweedens is dat die Christelike hoop wat werk met die eskatologiese perspektief in staat is om antisipasie-gedrag te genereer.

Wanneer dit gaan oor 'n krisis en die ervaring van "hoop"-loosheid neem hoop gewoonlik die volgende drie gestaltes aan:

1) Mense begin hoop dat daar 'n skielike wending of verandering sal kom. Hoop in 'n Christelike konteks neem dan die karakter aan van 'n wondergeloof. God sal iets laat gebeur wat 'n wending sal bring.

2) Hoop neem die vorm aan van beloftes en wense wat geprojekteer word op ander mense of God. Hoop is dan ingebed binne 'n sisteem van verwagtinge wat die wending in die toekoms antisipeer.

3) Mense hoop op herstel, versoening en wanneer dit hul gesondheid raak, 'n hoop op genesing.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Hoop raak dus die vermoë van die mens om te kan aanvaar en te kan antisipeer. In hierdie antisipasiegedrag gaan dit wesenlik om drie dinge:

1) die kwaliteit van die persoon se bestaan (identiteit); dit raak die aard van sy of haar lewenstoestand en lewensverwagting. Die kwessie van lewenskwaliteit hang ten diepste saam met hierdie lewenswaarborge en sekuriteite.

2) Dit hang saam met die aard en kwaliteit van die persoon se mees belangrike lewensrelasies en moontlikheid tot kommunikasie. Sonder 'n ondersteuningsisteem en 'n netwerk van relasies waarin kommunikasie moontlik is, stort so 'n persoon se lewe in duie.

3) Dit raak die persoon se lewensperspektief. Die "oog" waardeur die persoon na die lewe kyk om sy of haar lewe te evalueer word belangrik (visie).

Vir hoop om werklik 'n terapeutiese rol te kan speel, beteken bogenoemde dat die hoop nie 'n vorm van wensdenkery mag wees nie, maar dat dit deel moet wees van die persoon se vermoë om realisties na 'n situasie te kyk. Die hoop moet deel wees van 'n persoon se keuseverantwoordelikheid. Die hoop moet verder gekoppel wees aan verhoudinge wat geborgenheid, sensitiwiteit, sorg, troos en begrip kommunikeer. Die hoop moet 'n uitsig bied wat antisipasie-gedrag na die toekoms moontlik maak. Die hoop raak dus die persoon se lewenswaardes, lewensnorme en lewensdoelwitte.

Dit word duidelik dat hoop nie iets is wat tydens 'n krisis (soos die dood van 'n geliefde) aangeleer kan word nie. *Werklike hoop is 'n uitvloeisel van bestaande geloofsinhoude, 'n verstaan van God en die kwaliteit van relasies. Hoo, vorm deel van 'n persoon se lewensoriëntasie. Dit hang saam met die persoon se "being functions"* (Louw 1993:476). Die hoop wat antisipasie-gedrag versterk is dus nie 'n konseptuele raamwerk met abstrakte sekerhede nie. Dit korreleer met geloof en die ervaring van 'n lewensgeborgenheid wat persoonlik en in persoonsmatige terme geëvalueer word. So byvoorbeeld is

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



'n onpersoonlike verstaan van God te abstrak vir 'n realistiese en toekomsontsluitende hoop. Die ware hoop word slegs ontdek binne 'n persoonlike gerigtheid op 'n persoonlike God.

Louw (1993) wys op die eiesoortige aard van religieuse hoop, by name die Christelike hoop. Hy toon vier vlakke aan waarop hoop opereer.

1) Die psigiese dimensie van hoop. Dit is die eerste en mees algemene vlak van die hoop en speel af op die terrein van wense, begeertes en ideale. Wense en verwagtinge gee uitdrukking aan die mens se behoefte om pyn te vermy en die beste te antisipeer. 'n Dergelike vorm van hoop is gebou rondom behoeftes, aspirasies en emosies. Die psigiese gestalte van die hoop is vanweë 'n optimistiese karakter nie finaal betroubaar nie. So 'n vorm van hoop kan deur die werklikheid ontmasker word en tot teleurstelling en neerslagtigheid aanleiding gee. Tog speel hierdie vorm van hoop 'n belangrike rol in die menslike bestaan omdat dit 'n persoon se kreatiwiteit en verbeelding op 'n positiewe vlak stimuleer.

2) Hoop binne die terrein van die mens se eksistensiële oriëntering. Hierdie hoop het te doen met die feit dat die menslike bestaan wesenlik 'n onvoltooide struktuur besit. Die eksistensiële filosofie het hierdie onvoltooide toekomsgerigte struktuur van die menslike bestaan beskryf as 'n proses van transendering. Die menslike vryheid beteken dat die bestaan 'n ope moontlikheid na vore is. Om te bestaan beteken om uit te tree uit en nuwe moontlikhede te antisipeer. Hoop as 'n eksistensiële fenomeen hang dus saam met die element van transendering van die bestaande dinge in die hede en die antisipasie van nuwe moontlikhede in die toekoms. Hierdie eksistensiële dimensie van die hoop is uiters kwesbaar vir angs, ontnugtering en wanhoop. Hoop as eksistensiële fenomeen is gerig op die ontwerp van sin. Word hierdie proses geblokkeer, word die mens maklik 'n prooi van sinloosheid.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



3) Die prognostiese dimensie van die hoop hang saam met die hedendaagse tegnologiese ontwikkeling. Dit is die dimensie van voorspelling, beplanning en programmering. Die toekoms word in die lig van bestaande gegewens in die hede met behulp van rasionele kategorieë geanaliseer. Die oogmerk is om die wêreld meer doeltreffend te bestuur, menswaardigheid te bevorder, die aarde te beskerm en te bewaar, en nuwe tegniese wonders te ontwerp wat groter gerief sal bring en gesondheid sal bevorder.

4) Die vierde vlak van die hoop lê op die terrein van die godsdiens. Hierdie religieuse vorm van die hoop het te doen met 'n antisipasieproses. 'n Christelike verstaan van die hoop het te doen met die wederkoms van Christus en 'n transenderingsproses wat in terme van die inhoud van die geloof te doen het met 'n transformasie vanuit dood (ou mens) in 'n kwalitatief nuwe bestaansvorm (nuwe mens).

Die werk van Moltmann het nuwe momentum aan die konsep van die Christelike hoop gegee. Die teologie van die hoop sluit aan by die eksodusmotief in die Ou Testament en knoop die hoop vas aan die beloftes van God. Die hele Skrif bevat dus die struktuur van 'n belofte-in-vervulling. Dit is hierdie beloftes wat gestalte gee aan die hoop.

In Moltmann (1972) wys hy op God se identifikasie met ons lyding en dit dien as bewys van God se medelye met menslike lyding. Dit is hierdie medelye wat 'n hoop op bevryding ontketen. Om die inhoud van hierdie hoop te verstaan en die betekenis van die kruis te begryp moet die teologie die kruis vanuit die opstanding van Christus interpreteer. Vanuit die opstanding verstaan die mens die hoop van die Christendom as wesenlik 'n bevrydingshoop en 'n opstandingshoop. Moltmann knoop die hoop aan twee belangrike teologiese momente. In die eerste plek aan God se identifikasie met menslike lyding via die kruis en tweedens aan die verband tussen God en die oorwinningsperspektief van die opstanding. Teologies word hoop as opstandingshoop gedefinieer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Die betekenis van 'n teologie van die hoop het die volgende pastorale perspektiewe:

1) Die God van die Skrif is die lewende God wat Homself sodanig met die menslike lyding identifiseer dat Hy in sy medelye saam met die mens ly.

2) Die mens ly in gemeenskap met die lydende Seun van God omdat die lyding van die mens geïnkorporeer is in die lyding van die Seun.

3) Die toekomsverwagting van die Christen spruit voort vanuit 'n nuwe bestaanswyse in Christus. Die gelowige is 'n nuwe skepping wat saam met Christus begrawe is en alreeds (eskatologies gesproke) saam met Hom opgestaan het. Die toekomsverwagting hang dus nie saam met toekomsdrome en 'n toekoms wat aan die einde van die tyd sal deurbreek nie.

4) Die vertrekpunt of oriënteringspunt van die Christen se lewe is nie 'n nulpunt nie, maar 'n versoeningspunt (die kruis) en 'n oorwinningspunt (die opstanding).

5) Die inhoud van die Christelike hoop is gekoppel aan permanensie en duursaamheid: die trou van God. Wat God beloof het, doen Hy en vervul Hy vir die mens.

6) Die toekomsverwagting van die Christen is gekoppel aan die opstandingswerklikheid. Dit korreleer ook met die komende Seun van God sodat die toekoms wat die gelowige verwag nie 'n "pie in the sky" is nie, maar 'n persoonlike ontmoeting en gemeenskap met die Seun van die Mens.

7) Die toekomsverwagting is 'n beleefbare en ervaarbare werklikheid. Hierdie werklikheid word beleef in die liefdeskoinonia van die kerk en die viering van die nagmaal.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



8) Die spanning waarmee die hoop werk is die eskatologiese spanning tussen alreeds (die voltooide heil) en die nog nie (die ontsluiting en onthulling van die volheid van die heil). Hierdie spanning leer die gelowige in lyding om realisties te leef; die geduld van lydsaamheid en lankmoedigheid. Daar is dus tye wanneer die hoop nie 'n oplossing van alle probleme bied nie, maar die mens help om sy of haar ingesteldheid en houding teenoor probleme te verander.

Hoop is daardie ontdekking wat die geloof maak wanneer die nuwe mens die toesegging van nuwe lewe ontvang. Die Christelike hoop is dus 'n uitdrukking van 'n nuwe relasie en 'n objektiewe stand van sake rakende die mens se ewigheidsbestemming en heil. Hierdie hoop kan die groeimodel dra, want die persoon hoef nie vasgevang te wees in die huidige situasie nie, maar kan kom tot groter heelheid. Hierdie heelheid word gebou op die trou van God wat tot uitdrukking kom in die eskatologiese hoop.

Hierdie hoop moet in die eerste plek 'n rol by die pastor self speel. Hierdie teologiese hoop-motief moet die grond vorm vir die pastor se verstaan van groei-energie.

*The growth-hope perspective is the most effective approach to understanding and facilitating creative change in persons* (Clinebell 1979:9).

Die ontmoeting self verskaf weer psigologiese hoop aan die treurende. Die vestiging van betroubare verhoudinge staan sentraal omdat een van die belangrike uitwerking daarvan is dat dit hoop genereer. Die bewuswording by 'n persoon dat daar iemand is wat werklik omgee en verstaan, dat hy of sy iemand (die pastor) met sy of haar probleem kan vertrou, skep 'n gevoel van hoop.

Clinebell (1979:49) wys op die volgende benaderings wat in die pastoraat gebruik kan word om verdere hoop aan te wakker by mense: *believing that people have the power to change; actively affirming their growth potential, their power to change; coaching them as they learn the skills of intentional*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



*change; encouraging them to picture themselves mentally as growing toward their goals; affirming even small efforts to change their situation constructively; relating to them both with caring and with confrontation.*

Wanneer mense begin ontdek dat hulle kan verander en groei, verhoog hulle hoop. Hierdie hoop en self-waarde verskaf dan energie vir groei. Die prosesse is dus interafhanklik. Hoop bring groei en groei stimuleer hoop.

## 1.8 KONKLUSIE

Die tema groei staan nie los van die pastoraat nie. Clinebell se groeimodel het aangetoon dat dit 'n belangrike element in hulpverlening is. Die rede daarvoor is dat dit heelheid ten doel het. Heelheid het bloot op die klank van die woord al belangrike implikasies vir die verbreekte verhouding wat die dood veroorsaak. Omdat heelheid so 'n omvattende term is, is dit 'n langtermyn doelwit om gestalte daaraan te gee.

Groei behels 'n vorentoe beweeg na die dood van 'n geliefde. Dit is meer as net die genesing van die wond wat die dood agter laat. Dit behels die kwalitatiewe verbetering in die persoon se hele lewe en daarom het groei 'n holistiese karakter. Teologies word groei gedra deur die hoop-motief. Hierdie motief het 'n eskatologiese karakter en is geanker in die trou van God. Groei is daarom 'n proses wat al meer dit 'n werklikheid maak wat ons reeds in Christus is - heel persone.

Groei is nie 'n proses wat in 'n kort termyn voltrek kan word nie, maar is voortgaande op 'n langer termyn. 'n Krisismodel in pastoraat is nie geskik vir hierdie proses nie. In die pastoraat moet eerder sprake wees van 'n groeimodel.

Hierdie hoofstuk het verder aangetoon dat rou en groei interafhanklike prosesse is. 'n Pastorale groeimodel is daarom 'n beter keuse vir rousmartpastoraat as bloot 'n krisismodel.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



In die volgende hoofstuk gaan nou meer spesifiek gekyk word na die teorie rondom rousmart. Die doel daarvan is om 'n beter begrip van rousmart te vestig. Indien hierdie proses beter verstaan word, sal die interafhanklikheid van rou en groei duideliker na vore kan kom en daarmee saam die behoefte aan heelheid.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



# HOOFSTUK 2

# AARD VAN ROUSMART

## 2.1 INLEIDING

Uit die voorafgaande hoofstuk het dit duidelik geword dat 'n pastorale groeimodel geskik is vir rousmartpastoraat. Die pastor wat in sy of haar bedieningstrategie 'n groeimodel handhaaf, moet egter nie die krisis wat die dood veroorsaak uit die oog verloor nie. As die krisis nie ook aangespreek en ernstig opgeneem word nie, sal 'n groeimodel alleen abnormale rousmart tot gevolg hê. Daarom is dit vir die pastor belangrik om 'n breë oorsig te kry oor die hele proses van rousmart, insluitende die krisis-element wat teenwoordig is.

Vervolgens word aandag gegee aan die aard van rousmart.

## 2.2 WAT IS ROUSMART?

Dit is belangrik om eers duidelikheid te kry oor wat met *rou* bedoel word. Volgens die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT) word *rou* as selfstandige naamwoord gebruik vir groot smart, droefheid en uiting van smart. As werkwoord het dit die betekenis van droefheid of smart voel, in die rou wees, rouklere dra of berou.

Die woord word dus in verband gebring met die droefheid oor 'n gestorwene. Smart, droefheid, en treur is nié woorde wat eksklusief is nie, want dit is op die meeste lydensituasies van toepassing, terwyl rou wel 'n eksklusiewe situasie is en 'n besonder tipe smart aandui.

Sullender (1985) wys in die inleiding van sy boek op vier aspekte van rou:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



* *complexity of grief*
* *subtleties of grief*
* *danger of grief*
* *power of grief*

Hieruit word dit duidelik dat rou iets is waarmee die predikant rekening moet hou in sy/haar bediening. Dit is nie 'n eenvoudige saak nie.

Daarom dan seker ook hoekom daar al so baie pogings aangewend is om rousmart te definieer. Die volgende definisies dien as illustrasie.

Jackson (1957:18) omskryf rousmart as volg: *Grief is a more specific and intense form of sorrow that is related to the loss by death of one who is dearly loved. It is essentially the emotional and related reactions that occur at the time of and following the loss by death of an important person in the emotional life of an individual who has reached the state of development where he has the capacity for object love. Grief is the emotion that is involved in the work of mourning, wherby a person seeks to disengage himself from the demanding relationships that has existed and reinvest his emotional capital in new and productive directions.*

Lindemann (De Klerk 1977:97) beskryf rousmart as *emancipation from the bondage to the deceased, readjustment to the environment in which the deceased is missing, and the formation of new relationships.*

Raphael (1984:33) beskryf dit nog korter: *the process wherby the bereaved gradually undoes the psychological bonds that bound him to the deceased.*

Carlin (De Klerk 1977:97) beskryf dit as volg: *Grief work is a process of defense, disintegration and reorganization of life when that life has experience a significant loss.*

Bowly (Barton 1979:112) definieer dit as volg: *Mourning is best regarded as the whole complex sequence of psychological processes and their overt*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



*manifestations, beginning with craving, angry efforts at recovery, and appeals for help, proceeding through apathy and disorganization of behaviour, and ending when some form of more or less stable reorganization is beginning to develop.*

Venter (Bosman 1981:16) omskryf rousmart as 'n treurproses: *Die treurproses is die proses (emosioneel, religieus en fisies) waardeur die individu se verhouding met belangrike persone beëindig word sodat hy sy energie in ander mense en dinge kan belê. Sonder hierdie treurproses kan ou verhoudinge nie behoorlik voltooi en afgesluit word nie. Nuwe verhoudinge sal altyd daaronder ly omdat soveel emosionele energie steeds vasgevang bly in die vorige verhouding.*

De Klerk (1977:98) kom tot die gevolgtrekking dat die navorsers rousmart sien as die reaksie op die afgesnyde liefdesverbintenisse deur die dood, wat hoofsaaklik as 'n emosionele reaksie beskrywe word, met die depressiewe stemming as kern. Die reaksie is prosesmatig. Elke fase vind sy grond in die emosionele losknoping van die oorledene en die daarmee gepaardgaande heraanpassing. Hierby voeg De Klerk ook die feit dat die menslike totaliteit en individualiteit gedurende rousmart beklemtoon moet word. Al die dimensies van die menslike persoon word by rousmart betrek - sy fisies/psigiese belewing; sy gesins- en familielewe; sy vriendekring en arbeidsmilieu; sy ekonomiese lewe; sy godsdienstige belewing, ens.

Bosman (1981:17) vat dit as volg saam: *Rousmart is dan die treurproses waardeur die treurende sy verhouding en verbintenis met die oorledene moet beëindig sodat hy sy emosionele energie in ander mense en dinge kan belê. 'n Suksesvolle rousmartproses moet treurendes help om weer sin in die lewe te ontdek, om nuwe verhoudinge te vorm en weer suksesvol in die samelewing te funksioneer. Omdat al die dimensies van die menslike persoon by rousmart betrek word - sy fisiese-psigiese belewing; sy gesins en familielewe; sy vriendekring; sy arbeids milieu; sy ekonomiese lewe; sy godsdienstige ervaring ens, kan ons eers sê dat die rousmart proses*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



*suksevol deurgewerk is wanneer die treurende op al hierdie vlakke weer normaal funksioneer.*

Rousmart is 'n holistiese proses wat groei in die mens kan benadeel. Die heelheid van die mens word deur rousmart bedreig. As gevolg van die pynlike verlies van 'n geliefde kan wanhoop ontstaan. Tog het dit die potensiaal om 'n groeigeleentheid te wees; 'n geleentheid wat gegrond is in die eskatologiese hoop.

Behalwe vir die definisies van rousmart in die algemeen kan rousmart verder in twee kategorieë verdeel word: Normale rousmart en abnormale of patologiese rousmart.

Voor hieraan aandag gegee word, is dit nodig om te wys op gemeenskaplike patrone by rousmart. De Klerk (1972:98) stel dit as volg:

1) Akute rou is 'n definitiewe sindroom met psigologiese en somatiese simptome.

2) Hierdie sindroom kan onmiddellik na die krisis verskyn; dit kan vertraag wees; dit kan oordryf wees of dit kan afwesig wees.

3) In die plek van die tipiese sindroom kan verdraaiinge voorkom, elk waarvan 'n spesiale aspek van die rousindroom verteenwoordig.

4) Die verdraaiinge kan suksesvol behandel word tot 'n normale roureaksie.

Met die gemeenskaplike patrone in die oog, bly die term "normale rousmart" steeds 'n uitgebreide begrip met baie moontlikhede. Hierdie gedrag kan in vier aspekte verdeel word: 1) gevoelens; 2) fisiese gewaarwordinge; 3) kognisies; en 4) gedrag. Die predikant wat betrokke is by rousmartpastoraat moet hom/haarself inlig oor hierdie aspekte.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



## 2.3 NORMALE ROUSMART

### 2.3.1 Gevoelens

a) **Hartseer.** Dit is die mees algemene gevoel by treurendes en dit gaan dikwels gepaard met trane. De Klerk (1972:104) is van mening dat *die kern van ween 'n affek is, 'n plotseling reaksie van die gevoel met impulsiewe en oorrompelende krag, as afreagering van die gevoelsmassa waarin die spanningsgraad al wenende toeneem tot 'n hoogtepunt bereik is - dan gaan die verdriet na die afreagering oor in 'n gevoel van berusting en afmatting.*

In die ween is daar 'n heilsame selfoorgawe aan die droefheid, 'n erkenning van die konkrete mag van die situasie en 'n spontane getuienis van waardering vir die afgestrowene.

b) **Aggressie.** Dit is 'n algemene gevoel van 'n verlies. Tog veroorsaak dit baie verwarring by die oorlewende en is dikwels 'n oorsaak van probleme in die rouproses. In die meeste gevalle vertoon rousmart, veral in die beginfase, 'n aggressiewe reaksie. Die volgende tipes kan onderskei word:

* **Frustrasie-aggressie.** Dit dui sowel die hindernis as die emosionele reaksie op die belemmering aan. Die dood is 'n besliste blokkering vir verdere lewensvervulling en sal as sodanig aggressiegevoelens opwek, veral omdat die agtergeblewene magteloos staan.

* **Skuldgevoel-aggressie.** Die tipiese van die skuldgevoel-aggressie is dat dit selfverwerping bring - dan is die aggressie gerig op die self en selfverwyt, allerlei vorme van masochisme en in die uiterste gevalle selfmoordpogings, of dat dit projekteer - dan word die eie aggressie afgereageer deur ander as skuldiges te hou.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



* **Jaloesie-aggressie.** Hierdie aggressie is gerig op ander en word basies ook veroorsaak deur frustrasie. Dit word veral in sinisme ge-uit. Jaloesie en sinisme gaan saam.

* **Liefdes-aggressie.** Hieronder word bedoel die aggressie wat op ander gerig word uit liefdesmotivering vir die oorledene. Diegene wat die oorledene leed aangedoen het, word na die dood aggressief benader as 'n soort van emosionele beskerming van die oorledene of 'n voortsetting van die oorledene se emosies of emosionele wraak ter wille van die oorledene.

c) **Skuldgevoelens:** Die skuldgevoel is 'n algemene en normale verskynsel by rousmart. Dit word as 'n normale reaksie beskou. Die afwesigheid daarvan kan selfs as 'n subnormaliteit beskou word.[1]

Rousmart ontstaan as gevolg van 'n gebroke liefdesverhouding deur die dood. Afgesien van skuld teenoor mekaar in die algemeen, is daar in 'n liefdesverhouding baie situasies wat skuldgevoelens veroorsaak. Liefde eis beperkinge op vryheid en alhoewel dit aanvaar word, word 'n sekere hoeveelheid reaksie teen die liefeseise nie verwerk nie, maar opgestapel as onuitgesproke aggressie. Hierdie agtergrond van gemengde gevoelens wat tydens die verhouding opgebou word, word deur die dood van 'n geliefde as skuldgevoelens geaktiveer.

Daar kan egter ook besondere oorsake onderskei word. Die eerste groep is skuldgevoelens ten opsigte van die oorledene in verband met werklike of oordrewe of gewaande faling in die liefdesverhouding. Hierdie groep van skuldgevoelens word verskerp deur die feit dat die skuld nie weer reggestel kan word nie - die dood het die geleentheid ontneem.

Die tweede groep is 'n skuldgevoel wat direk verband hou met die dood van die oorledene. Selfverwyt is die uitvloeisel van die skuldgevoel,

---

1 Sien die onderskeiding tussen skuld en skuldgevoelens in hoofstuk 3.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



byvoorbeeld omdat die siekte nie ernsig geneem is nie, die dokter nie gou genoeg ingeroep is nie, die een of ander optrede die direkte aanleiding vir die oorlye is.

Onder hierdie groep sorteer ook die skuldgevoel dat die oorlye spesifieke straf was vir die een of ander sonde van die agtergeblewene. Die hele probleem van skuld en vergelding word dan intens belewe. Dit gaan gepaard met 'n gevoel van verwerping.

Die derde groep is skuldgevoelens oor die eie gedragspatroon by die agtergeblewene. Voorbeelde hiervan is: gevoelens van aggressiwiteit; reorganisasiemaatreëls na die oorlye; die gevoel van verwerking en oorkoming van die rousmart.

d) **Angstigheid.** Dit wissel van 'n ligte gevoel van onsekerheid tot 'n paniekaanval. Die oorsprong daarvan is tweërlei. *First, the survivors fear they will not be able to take care for themselves on their own ... Second, anxiety relates to a heightened sense of personal death awareness* (Worden 1993:23).

Angs moet in normale rousmart onderskei word van patologiese angs. Dit bevat dieselfde elemente, maar in teenstelling met patologiese angs hou dit gewoonlik verband met die werklikheid en is dit van verbygaande aard.

e) **Eensaamheid.** Dit is 'n algemene gevoel, veral waar 'n huweliksmaat oorlede is en die persone in 'n intieme verhouding betrokke was.

f) **Moegheid.** Dit sluit 'n psigiese en fisies moegheid in.

g) **Hulpeloosheid.** Dit is die gevoel van onmag om die nuwe situasie te hanteer.

h) **Skok.** Skok kan verskillende patrone aanneem op fisiese en psigiese vlak. Dit word soms gesien as 'n verlies van kontrole, 'n vorm van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



verstywing of gevoelloosheid, 'n gevoel van onwerklikheid ('n basiese nie-aanvaarding van die gebeure op 'n minder drastiese wyse as in gevalle van totale emosionele afsluiting). Ander variasies van skok is die poging tot selfbeskadiging, histeriese uitbarsting, oorvloedige tranestorting, paniek en flouwording. Skokreaksies kom in verskillende grade voor en word veral bepaal deur die doodsomstandighede en onverwagsheid van die dood.

Fisieke simptome van skok kan 'n akute fisiese toestand wees waarin slaaploosheid en afwesigheid van eetlus opvallend is.

i) **Verlange.** Die verlangereaksie is een van die mees prominente en basiese reaksies van die rousmartgevoelens. Dit is 'n akute emosie en word gedra deur die volgende elemente: die drang na die gesprek oor die oorledene. Opwekking van die herinnering aan die oorledene deur gesprek en sy persoonlike besittings is 'n belangrike handeling van die verlange.

Op spesifieke momente van die dag is die verlange skerper, veral die tye waar daar altyd kontak was - saans, slaaptyd, aan die etenstafel, Sondae, noodomstandighede ens.

Die ervaring van die "teenwoordigheid" van die oorledene is 'n ander element van die verlange. Hierdie teenwoordigheidsaanvoeling is waarskynlik 'n emosionele kompensasie vir die gemis - 'n vashouding aan die geliefde om die verlange te stil. Benewens die onopsetlike ervaring van "teenwoordigheid" wat troostend inwerk op die verlange, neig die verlange ook om opsetlik die oorledene "teenwoordig" te hou.

Die verlange word ook gerig op die behoefte aan aanraking of die behoefte aan direkte gesprek met die oorledene.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Die herinneringsbeeld in die verlange is 'n volgende element wat onderskei word. Die beeld van die oorledene op die ouderdom van sterwe word oorheersend in die herinnering.

Die proses van verlange vertoon die volgende gang. Aanvanklik is die verlange nie so sterk nie, maar gedurende die tweede na derde week tree dit sterk na vore en bly dit 'n deurlopende emosie - selfs na die rousmart deurgewerk is, bly die verlange die latente emosie wat by tye geaktiveer word.

j) **Emansipasie.** Dit is die bevryding van die beperkinge wat die verlies op die persoon plaas. Die persoon ontwikkel weer 'n eie individualiteit. 'n Mens sou dit ook as 'n selfstandigheidswording kon bestempel. Die oorlewende maat neem die verantwoordelikhede van die oorledene oor. Dit sluit dinge in soos die finansiële reëlings, organisering van die huis, instandhouding ens. Daar vind gelykstelling van die rolle plaas.

k) **Verligting.** Verligting en spanning word dikwels opgemerk as een van die eerste reaksies na die sterwe. Die verligtingsreaksie word ook dikwels na die begrafnis opgemerk - die treurendes kan selfs vrolik gesels. Dit is basies 'n psigiese ontspanning na die opgehoopte spanning van die sterwensproses. Dit gee die agtergeblewendes as't ware 'n kort pouse voor die rousmartverwerking indringend begin. Hierdie reaksie kan 'n bron van skuldgevoelens wees.

### 2.3.2 Fisieke gewaarwordinge

Die emosionele reaksies bring fisiese versteurings. 'n Gevoel van styfheid in die keel, kort-asemheid, die behoefte om te sug, 'n leë gevoel in die maag en gebrek aan spierkrag word aangetoon. Die mees opvallende is die sugtende asemhaling, veral wanneer die gebeure bespreek word, die klagte oor die gebrek aan krag, algehele uitputting en spysverteringsversteuringe. Hierdie belewinge kom in fases voor wat tussen twintig minute en 'n uur duur en word

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



veral geprikkel deur die noem van die naam van die oorledene en deur simpatiebetuigings.

Die somatiese reaksies hang in hulle intensiteit saam met die psigiese struktuur van die treurende.

### 2.3.3 Kognisies

Daar is verskeie kognisies wat kenmerkend is van rousmart. Worden (1993:26) onderskei die volgende:

a) Ongeloof

b) Verwarring

c) Pre-okkupasie (met die oorledene)

d) Teenwoordigstelling (van die oorledene)

e) Hallusinasies (Visuele en ouditiewe hallusinasies word as normale gedrag beskou.)

### 2.3.4 Gedrag

Die volgende tipes gedrag word aangetoon:

a) Slaapversteurings

b) Eetversteurings

c) "Absent-minded behavior"

d) Sosiale onttrekking

e) Droom van die oorledene

f) Vermy herinneringe aan die oorledene

g) Soek en roep na die oorledene

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Persone wat ander tekens van psigiese steurnis toon, moet in die besonder begelei word, omdat rousmart dit wat latent was, akuut kan maak.

Die persoon se self-konsep is ook baie belangrik. Die persoon het 'n beeld van hom- of haarself en probeer daarvolgens lewe. *If part of a person's self-concept includes being the strong one in the family, he or she may need to play that role to his or her own detriment* (Worden 1993:68).

### 2.8.5 Sosiale faktore

*Grief is really a social process and is best dealt with in a social setting in which people can support and reinforce each other in their reactions to the loss* (Worden 1993:69).

Die treurende word beïnvloed deur die sosiale aanvaarding of ontkenning van die verskil, asook die aanwesigheid al dan nie van 'n sosiale ondersteuningsnetwerk. Die komplekse samestelling van kragte in en buite die treurende sal in 'n groot mate die koers bepaal wat die rousmart sal volg by die enkeling.

### 2.8.6 Die geslag van die treurende

*Alhoewel dit skynbaar lyk asof die man suksesvoller is as die vrou in die reoriëntasie, is daar nie genoeg grond om so 'n konklusie te maak nie. Na sy aard sal die man gouer oorgaan tot die gevoelsverdediging veral deur ekstraversie, terwyl die vrou meer sal steun op 'n subjektiewe oplossing.* (De Klerk 1972:139)

Die tradisionele samelewing laat die vrou 'n aansienlike mate van emosionele ontlading toe, terwyl van die man 'n meerdere beheerstheid verwag word. Daarom is daar dikwels by die vrou 'n gesonder deurwerking van die rousmart as by die man. Psigiese spanning in rousmart kom meer by die man as by die vrou voor.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Vanweë die veranderde samelewing en verandering in tradisionele rolle van man en vrou speel die geslag van die treurende vandag 'n minder prominente rol tydens rousmart as wat vroeër die geval was.

### 2.8.7 Die gesin

*Die oorlye van een van die gesinsgenote bring nie alleen individuele ontwrigting nie, maar ook 'n gesinskrisis en 'n uitwerking op die gesinslede. Die rousmartbelewing in die gesinskring word bepaal deur die aard en inhoud van die gesinsbindinge en deur die selfbetrokkenheid van die een lid ten opsigte van die ander.* (De Klerk 1972:143)

In die rousmartproses beïnvloed die gesinsgenote ook mekaar. Die smart van die een gesinslid kan verhoog word deur die gedrag van die ander lede deur onbewuste of bewuste navolging of kontrasvorming.

Daar vind dikwels ook 'n verskuiwing van die rolverdeling in die gesin plaas. Dit kan óf nuwe konfliksituasies bring, óf slaag as nuwe eenheid met verhoogde solidariteit in die gesin, óf lei tot gesinsontbinding, verlaagde solidariteit en individualistiese ontplooiing van die kinders.

Die persoonlikheid, opvattings, ens van die oorledene wat as 'n dinamiese kompleks in die herinnering van elk van die gesinsgenote funksioneer, kan die gedrag van die hele gesin in die rousmartsituasie bepaal.

### 2.8.8 Die lewens- en wêreldbeskouing van die treurende

Hieronder word die bepaalde opvattings, gebruike, ideale, norme, waardes, praktyke, tradisies, kultuur en godsdiens van die individu en sy groep bedoel. Elke kultuur- en godsdiensgroep reageer in rousmart in mindere of meerdere mate volgens die bepaalde tradisionele en religieuse norme.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



## 2.9 KONKLUSIE

Uit die voorafgaande bespreking oor rousmart het dit duidelik geword dat rousmart 'n ingewikkelde proses is. Dit is 'n proses met baie veranderlikes en daarom kan dit nie in 'n vaste struktuur vasgevang word nie. Elke treurende se treurproses is uniek en hierdie proses kan 'n normale of 'n abnormale verloop hê.

Rousmart veroorsaak 'n werklike nood by mense. Hierdie nood kan en moet deur die pastoraat aangespreek word. Die pastoraat kan egter nie net 'n noodbehandeling wees nie, want so behandeling werk net met die eerste twee fases van rou. Wanneer die pastoraat die proses in geheel wil hanteer, moet die pastoraat ook na die laaste twee fases uitgebrei word. Die aanvanklike krisismodel moet aangevul word met 'n pastorale groeimodel.

Worden (1993:38) wys op die volgende doelstellings van rousmartpastoraat:

1) Versterk die realiteit van die verlies

2) Help die treurende in die hantering van bewuste en latente gevoelens.

3) Help die treurende om struikelblokke te oorkom en die nodige aanpassings te maak na die verlies.

4) Moedig die treurende aan om op 'n gepaste wyse afskeid te neem en om gemaklik te voel om weer met die lewe aan te gaan.

Hierdie doelstellings illustreer dat die rouproses die hele menslike lewe raak. Daarom moet die pastor in sy of haar rousmartpastoraat sensitief wees vir die sentraliteit van die menslike lewe in sy totaliteit. Aan die ander kant moet die pastor ook die kern van 'n pastorale groeimodel in gedagte hou, nl. 'n geestelike heelheid[4].

Die begrip wat hieraan reg laat geskied is die ontwikkeling van spiritualiteit tydens rousmartpastoraat. Die verloop van die interafhanklike prosess van

---

[4] Vergelyk hoofstuk 1.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



rou en groei kan konstruktief begelei word indien die pastor daarop konsentreer om die dimensie van spiritualiteit in terme van die treurende se geloofspotensiaal te ontwikkel. Hoofstuk 3 gee vervolgens meer aandag hieraan.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



# HOOFSTUK 3

# ONTWIKKELING VAN SPIRITUALITEIT

## 3.1 INLEIDING

Uit die voorafgaande twee hoofstukke het dit duidelik geword dat 'n groeimodel relevant is vir rousmartpastoraat. Die oorgang van 'n tradisionele krisis-benadering na 'n groei-benadering is geleë in die feit dat die pastor se betrokkenheid nie eindig by fase 1 en fase 2 van die rouproses nie, maar uitgebrei word na fase 3 en fase 4. Wanneer die pastor op so 'n langtermyn betrokke is, kan daar doelwitte ingebou word waarvan die ontwikkeling van spiritualiteit 'n goeie keuse is. Die keuse vir spiritualiteit is daarin geleë dat die pastoraat erns maak met die verhouding wat daar tussen God en die treurende bestaan.

Gerkin het daarop gewys dat konstruktiewe rou in verband staan met die mens se identiteit. Laasgenoemde het weer 'n verband met die persoon se geloofsverhouding met God en Sy beloftes en gepaard daarmee die persoon se geloofsontwikkeling. Hierdie hoofstuk wil stel dat die ontwikkeling van spiritualiteit en konstruktiewe rou hand aan hand loop.

Vervolgens moet eers duidelikheid verkry word wat met spiritualiteit bedoel word.

## 3.2 WAT IS SPIRITUALITEIT?

Die term **spiritualiteit** het vandag 'n mode-woord geword. Oral is spiritualiteit ter sprake. Maar - wat behels die term **spiritualiteit**? *Allereers is spiritualiteit*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



*of vroomheid 'n algemeen menslike verskynsel en hoegenaamd nie 'n spesifiek Christelike saak nie* (Smit 1989:87).

'n Vinnige blik oor die groot verskeidenheid definisies van spiritualiteit is genoeg om 'n mens te laat besef dat dit nie so 'n maklike taak is om 'n antwoord te gee op die vraag na wat spiritualiteit dan presies is nie.

Van Baest (1989:41) wys daarop dat spiritualiteit nie streef na verborgenheid nie, maar juis aan die lig wil bring wat ten diepste in die mens werksaam is. Sy sê verder *Christelijke mystiek en spiritualiteit leven niet van afgescheidenheid maar van relatie en communicatie met de Ander/ander.*

Johnson noem dit "life in the Spirit of God". Loosen praat weer van "geleefde geloof". *Spiritualiteit is daarom zo onmisbaar, omdat bij afwezigheid ervan het geloof verschraalt tot geloofsdoctrine en tot geloofswaarheid* (Loosen 1991:19).

Thayer (1985:55) skets dit as volg: *Spirituality is the specifically human capacity to experience, be conscious of, and relate to a dimension of power and meaning transcendent to the world of sensory reality expressed in the particularities of a given historical and social context, and leads toward action congruent with its meaning.*

Omdat daar soveel dimensies aan hierdie saak verbond is, kan die vraag na wat spiritualiteit is nie maar net eenvoudig met 'n nuwe, behendiger-as-die-ander formulerings beantwoord word nie. Die buitelyne van die betekenis van die begrip kan miskien die beste in beeld kom as ons eers 'n aantal maniere waarop daar tans oor spiritualiteit gepraat word, nagaan.

Eerstens is daar die heel algemene, nie-tegniese gebruik van die woord spiritualiteit om te verwys na *die Christelike of geestelike lewe as geheel.* Die totale godsdienstige lewe van persone of groepe word dus gesien as hulle "spiritualiteit".

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



In die tweede plek kan ons ook 'n ietwat nouer omskrewe wyse onderskei waarop die term dikwels gebruik word. Hier verwys dit na *die gebedslewe en bepaalde praktyke in verband daarmee*.

'n Derde belangrike element van spiritualiteit kom na vore in 'n reeks definisies wat besondere klem lê op die *verbintenis met die lewe van elke dag*. Die terrein van die spiritualiteit is hiervolgens nie gereserveer vir wêreldvreemde askete nie.

'n Vierde baie belangrike gebruik van die woord is wanneer "spiritualiteit" gebruik word om te verwys na *dit wat die mens se hele lewe rig en integreer tot 'n eenheid*, 'n sinvolle geheel.

Nou verwant aan die vorige is 'n vyfde element waar die term op 'n heeltemal toegespitse wyse gebruik word. Verskillende "spiritualiteite" beteken 'n *omvattende interpretasiesisteem van die werklikheid*.

Wanneer 'n mens na die groot historiese tipes Christelike spiritualiteit kyk, behels dit in die eerste plek 'n spesifieke fokus op die Christelike leer; tweedens 'n bepaalde konsep van die wêreld van persoonlike en sosiale ervaring; en derdens 'n kenmerkende lewenstyl of lewenstyle wat verband hou met hierdie spesifieke fokus op leer en lewe.

Die verstaan van spiritualiteit as 'n persoon of groep se lewensbepalende semantiese struktuurkern, vanuit 'n bepaalde gerigtheid op die transendente, bied besliste moontlikhede vir 'n meer presies omskrewe en sinvolle gebruik van die term in die kerk in die algemeen en die pastorale teologie in die besonder. (Van der Merwe 1990:24)

Die drie hoofkomponente van die moderne gebruik van die begrip spiritualiteit wat as parameters vir die beoordeling van enige spiritualiteit kan funksioneer is:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



1. Spiritualiteit as **verbondenheid aan God**.

2. Spiritualiteit as **betrokkenheid in die alledaagse lewenspraktyk**.

3. Spiritualiteit as **die verband** tussen die verbondenheid aan God en die alledaagse lewenspraktyk.

Een van die definisies uit die groot aanbod wat die belangrikste elemente uit dit wat hierbo genome is op 'n eenvoudige wyse saamvat en wat van die vernaamste keuses na vore bring, is die van D.J. Smit (1989:91): *spiritualiteit is op soek na die verbande tussen die verbondenheid aan God en die alledaagse lewenspraktyk*. L.O. Richards vat dit as volg saam en dit dien ook as werksdefinisie van hierdie hoofstuk: *Christian spirituality is living a human life in this world in union with God* (1987:50). Spiritualiteit bestaan dus uit twee aspekte:

* Gemeenskap met God; en

* menslike lewe.

Die belangrikste aksente hieruit is: die Christologiese aksent - die feit dat daar gekies word vir 'n spesifiek Christelike spiritualiteit as lewensintegrasie-paradigma; die humanologiese perspektief - dat die verband met die gewone eg menslike lewe ernstig geneem word (met Christus as model van egte menswees); en die "mistieke" element - dat die innige verbondenheid met Christus en die uitwerking daarvan in die praktyk ernstig geneem word.

'n Beklemtoning van hierdie mistiese element lei soms tot 'n mistiese benadering tot spiritualiteit. Dit sluit 'n persoonlike ontmoeting met God in waar die persoon as't ware een word met God. Die probleem met hierdie siening is nie dat dit noodwendig verkeerd is nie, maar dat dit ontoereikend is. Ware spiritualiteit het nie net 'n geestelike dimensie nie, maar kom tot uitdrukking in die Christen se hele lewe. Daarom word spiritualiteit nie noodwendig in 'n klooster gevind nie, maar word dit in verhoudings gevind. Ware spiritualiteit is nie buite die wêreld nie, maar dring juis hierdie wêreld

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



binne. Beumer (1989:7) praat van 'n kritiese spiritualiteit *waarin de INTIMITEIT van de omgang met God alles te maken heefte met de SOLIDARITEIT met de wereld.*[1]

Daarom beteken spiritualiteit nie 'n losmaak van die betrokkenheid van elke dag se ervaringe nie. Ware spiritualiteit is spiritualiteit *in* hierdie wêreld. Spiritualiteit hef nie die menslikheid op nie, maar bevestig reeds die menslikheid van die mens. *The kind of person we are deeply influences our spirituality; or more accurately, our spirituality is an expression of who we are* (Thayer 1985:31).

Christus is die sleutel vir ons verstaan van Christelike spiritualiteit. *Jesus is our model of the spiritual person, one who lived his human life in union with God. Our real union with Jesus makes a spiritual life possible. And in Jesus we see the goal of spirituality: Christlikeness.* (Richards 1987:61) "Christlikeness" is nie iets misties nie, maar is 'n realiteit. Die realiteit van Christus as mens op die aarde.

Ter Steeg (1989:55) wys daarop dat spiritualiteit 'n gekose lewenshouding is. Hierdie keuse word deur drie faktore beïnvloed. Die eerste is die aard en aanleg van die persoon self en die karakter wat daarvolgens ontwikkel. Vervolgens is die invloed van die persoon se direkte omgewing: ouers en familie, skoolopleiding, sosiale milieu en samelewingsvorm. Derdens is daar die tydsgleuf waarin die persoon leef: die land waar die persoon hom of haar bevind, die maatskaplike en politieke omstandighede. Geen twee situasies is dieselfde nie en daarom sal geen twee persone se spiritualiteit dieselfde wees nie.

Dit het vroeër ook geblyk dat die rousmartproses deur bogenoemde faktore beïnvloed word. Daarom sal die ontwikkeling van spiritualiteit tydens rousmart ook van geen twee persone dieselfde wees nie.

---

1 Beklemtoning deur Beumer self gedoen.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Die vraag bly: Wat behels spiritualiteit in die praktyk? Richards haal vir Schaeffer aan in sy bespreking van Christelike spiritualiteit. Hy sê dat Christelike spiritualiteit nie vereng moet word na 'n loskom van al die moets en moenies om sodoende 'n losser lewe te lei nie. Dit is reeds 'n roeping tot dieper en meer toevertroude lewe. In die tweede plek is spiritualiteit nie net uitwaarts nie, maar ook inwaarts. Dit behels 'n oriëntasie van liefde teenoor God en teenoor mense. Derdens is spiritualiteit dinamies en positief. Daar is 'n positiewe na binne gerigte belewing van die realiteit, gevolg deur 'n positiewe na buite gerigte gevolg. *Christian spirituality is a divine calling to experience freedom from the bonds of sin, a calling to experience reality in our Christian life* (Richards 1987:14). Tog is dit nie iets wat outomaties kom met bekering nie, maar is dit iets wat ontwikkel. Johnson (1990:9) wys daarop dat die volmaaktheid van die Christelike lewe nie geleë is in 'n voltooide eindproduk nie, maar in die proses van kom tot volmaaktheid. Verder sê hy dat *Christian spirituality is not a process of internal grooming but a response of human freedom to a higher and more elusive freedom.*

Westerhoff (1994: hfst.5) onderskei vier skole van spiritualiteit in die praktyk. Elk van hierdie skole plaas klem op 'n spesifieke aspek, maar gaan effens te ver met 'n waarheid. Kortliks oor elkeen van die skole.[2]

Die eerste skool kan identifiseer word as sakramenteel. Die primêre doel is om mense by te staan om hulle roeping in die wêreld te vervul. *Its major concerns are the discernment of God's will, the discernment of spirits, the imitation of Jesus, and becoming aware of God's presence and action in human life and history* (Westerhoff 1994:54).

Die tweede skool kan as charismaties tipeer word. Die primêre doel is om heiligheid van lewe tot gevolg te hê. *Its major concerns are friendship with Jesus, an outpouring of the Spirit, and providing a sign of God's reign through personal and communal life* (Westerhoff 1994:55).

---

2 Verdere inligting rakende die gedrag wat elk van die skole openbaar kan gevind word in Westerhoff 1994. Sien bibliografie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Die derde skool kan as misties identifiseer word. Die primêre doel is om met God verenig te word. *Its major concerns are pointing to the reality of God's reign and abiding in that reality* (Westerhoff 1994:57).

Die laaste skool kan identifiseer word as apostolies. Die primêre doel is om God se wil volledig te gehoorsaam. *Its major concerns are witness to God's reign and striving for justice and peace* (Westerhoff 1994:58).

Hierdie vier skole gee uitdrukking aan wat Richards noem *living a human life in union with God*. Die skole is niks anders as 'n gekose lewenshouding nie.

Richards (1987:16) wys op die werk van Cully. Sy toon aan dat spiritualiteit groei insluit. Groei is egter nie spiritualiteit nie. So sluit spiritualiteit ook volwassenheid in, maar volwassenheid is nie spiritualiteit nie. Spiritualiteit is 'n op pad wees na volwassenheid. Dit onderstreep die verband wat daar ook bestaan tussen 'n pastorale groeimodel en die ontwikkeling van spiritualiteit.

Dit is hier waar die begrip heiligmaking ("sanctification") ter sprake kom. Paulus se teologie kan hier 'n belangrike rol speel. *Paul's concept of sanctification is overshadowed by his dominant interest in justification* (Sullender 1985:88). Regverdiging ("justification") verwys na die oorspronklike genadige daad van God deur die dood en opstanding van Jesus Christus waardeur die mens se verhouding met God geregverdig word.

Geloof is dan die voltooiing van die aanvanklike proses. Heiligmaking is die voortsetting van die proses. *Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word. Die heerlikheid wat van ons uitstraal, neem steeds toe* - 2 Kor. 3:18. Heiligmaking is dus 'n geestelike groeiproses, 'n groei tot Christusgelykvormigheid.

Sullender is van mening dat die gedeelte wat die meeste lig werp op die kwessie van heiligmaking 2 Kor. 3:12-18 is. Die lees van hierdie gedeelte bring hom tot die volgende insigte:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



1. Die heiligmakingsproses verloop geleidelik en progressief.

2. Die doel van hierdie proses is Christusgelykvormigheid.[3]

3. Heiligmaking is 'n multi-dimensionele proses. Dit is meer as 'n fisiese gelykvormigheid (2 Kor. 4:16). Dit sluit 'n gelykvormigheid in wat denke betref (Rom.12:2), 'n gelykvormigheid in gesindheid (Rom 12:9-21) en 'n gelykvormigheid in gedrag (Rom 12:12-14).

4. Heiligmaking is 'n proses wat van God af kom. Die Heilige Gees is die inisieerder en instandhouer van hierdie groeiproses (Rom. 15:16b).

Paulus verbind verder hierdie heiligmakende groeiproses aan die kerk en die eenheid van die kerk. Die kerk is heilig, maar moet ook heiligheid of heiligmaking in stand hou. *Outside the church, sanctification or the maintenance of the sanctifying process is nearly impossible* (Sullender 1985:90).

Hierdie proses het twee kante. Aan die een kant is dit 'n menslike poging, aan die ander kant is dit Goddelike genade. Fil. 2:12-13 handhaaf 'n polariteit tussen die menslike poging tot heiligmaking en die Goddelike genade. Groei veronderstel menslike poging, worsteling en pyn. *Yet, growth is also a product of the activity of God. Like the experience of justification itself, sanctification is also an experience of the free, unmerited grace of God* (Sullender 1985:90).

## 3.3 KENMERKE VAN MENSLIKE LEWE

Spiritualiteit het alles te make met die menslike lewe en daarom ook met die persoon wat rou. Ook hierdie persoon leef in gemeenskap met God. Juis daarom is dit belangrik om na die kenmerke van menslike lewe te kyk. *Want spiritualiteit is niets anders dan proberen in het alledaagse leven op die plek*

---

[3] Vergelyk ook Gal. 4:19 ("totdat Christus in julle gestalte kry") en Rom. 8:29 ("bestem om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun").

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



*en in die situatie waar jij mag leven, bewust te gaan leven ... Of weer anders uitgedruk: spiritualiteit is de bezonnen ontmoeting met al wat is.* (Van Leeuwen 1991:16) Loosen (1991:25) neem dit nog verder: *het is niet zozeer een praktijk, als wel een cultuur.*

Mensheid het 'n persoonlike en 'n korporatiewe aspek. *All of life is communal in that it has a personal dimension and a social dimension, which are comprised of an inner and an outer journey respectively* (Westerhoff 1994:2).

In Richards (1987) se kyk na menslikheid gee hy aandag aan beide hierdie aspekte. Dit kan as volg skematies voorgestel word:

| [illegible] | **Individueel** | **Korporatief** |
|---|---|---|
| **Identiteit** | Verantwoordelikheid | Toerekenbaarheid |
| **Intimiteit** | Gebed | Aanbidding |
| **Sondigheid** | Belydenis | Vergifnis |
| **Heerskappy** | Keuse | Vryheid |
| **Sterflikheid** | Lyding | Medelye |
| **Heiligheid** | Moraliteit | Geregtigheid |
| **Verbondenheid** | Dissipelskap | Dienskneg |

Vervolgens word na elk van hierdie aspekte gekyk om sodoende ook helderheid te kry oor die lewe van die treurende in gemeenskap met God. Indien die hantering van hierdie aspekte die doelstelling van 'n pastorale groeimodel is, sal spiritualiteitsontwikkeling plaasvind.

### 3.3.1 Identiteit

Die treurende ervaar in besonder 'n identiteitskrisis. Na die dood van 'n geliefde verander die identiteit van die persoon. Die identiteit is nou nie meer die van 'n getroude nie, maar wel van wewenaar of weduwee. Die identiteit is

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



nie nou meer die van 'n gelukkige gesin nie, maar wel van 'n gebroke gesin - 'n gesin met verlies.

Tog bly die treurende se identiteit in 'n sekere sin dieselfde. Dit is die identiteit wat hy of sy het as mens. Om mens te wees beteken om die beeld van God te wees. Beeld van God is 'n term wat die mens uniek maak in die skepping. Die beeld van God is geleë in alles wat die mens onderskei van bv. diere en plante - die mens se vermoë om skoonheid te waardeer, om arbeid te verrig, om kreatief te wees, om gemeenskap met ander te geniet. In ons denke, emosies en wil weerspieël ons iets van God.

Dit bly egter moeilik om 'n presiese omskrywing van beeld van God te gee. Louw (1993:123) wys daarop dat *die uniekheid van die mens daarin bestaan dat hy 'n wese is wat van God afhanklik is en dat die eventuele bestemming slegs vanuit sy verhouding tot God geïnterpreteer moet word.*

Die skepselmatige struktuur van die menslike bestaan vorm deel van die mens se identiteit. Louw (1993:127) wys op die volgende aspekte:

**a) Kwalitatiewe andersoortigheid**

Menslike bestaan is uniek. Hierdie uniekheid tree na vore in die term *nèfèsj*. Dit beteken dat die mens kwalitatief van die ander elemente in die skepping verskil. Die beeld van God wil doodeenvoudig sê dat onties gesproke die mens van God afhanklik is en 'n ewige bestemmingsfunksie besit.

**b) Relasionele interpretasie**

Die term beeld van God wil sê dat die mens slegs vanuit sy/haar verhouding met God verstaan kan word.

**c) Doelgerigte bestemmingsfunksie**

Die mens word deur die term beeld van God gestempel tot verantwoordelikheid en staan onder 'n opdrag om in alles wat hy of sy doen en is, God te verteenwoordig en te verheerlik. Die opdrag om te heers, dit wil

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



sê om die aarde te versorg is 'n effek van die besondere geladenheid waarbinne die mens as lewende wese, dus as 'n op God gerigte wese, beskou word.

Gehoorsaamheid en aanspreekbaarheid is beslis deel van die beeld van God. Dat die mens ten spyte van die sondeval nog steeds beeld van God is, is nie toe te skryf aan 'n kwaliteit in die mens self nie. Die kontinuïteit setel nie in die mens nie maar in die trou van God. Die trou van God is die kontinuum tussen skepping, sondeval, versoening en verlossing.

**d) Christologiese ontsluiting**

Jesus is as beeld van God nie 'n ideaal vir volmaakte menswees of vir 'n nuwe menstipe nie. Dat Jesus Christus self die beeld is, beteken dat die mens 'n nuwe status in Christus verkry sodat hy of sy al meer verander word om aan die beeld van Christus gelyk te word; dit wil sê om in 'n toenemende mate die heerlikheid van God te weerspieël. Christus as beeld bring die mens terug na sy oorspronklike funksiebestemming naamlik om God te verteenwoordig. Die mens is nuwe skepsel wanneer hy in gehoorsaamheid glo; in liefde priesterlik by die werklikheid betrokke raak en konkrete gestaltes van versoening, hoop en vrede oprig.

*To be human means to bear complete responsibility for the choices we make in life. To try to excuse our acts or to claim diminished responsibility because of circumstances or because of the influence of others is to deny what makes us human - the image-likeness of God.* (Richards 1987:77)

Verder is die mens 'n verantwoordelike wese en het die vryheid van keuse. Om 'n menslike lewe te leef beteken om die verantwoordelikhede van hierdie identiteit te neem en 'n verantwoordelike lewe te lei. Dit is egter van Adam en Eva se tyd so dat die mens sy/haar verantwoordelikhede op ander probeer afskuif.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Binne die Gereformeerde tradisie is dit tog so dat *(O)nly in God, by virtue of an intimate relationship with Jesus and the work of the Holy Spirit, can any of us hope to live an vital spiritual life* (Richards 1987:28).

*Without in any way disconting the work of the Holy Spirit, human beings must accept responsibility for cultivating their own spiritual life and for helping others along the road of spiritual growth* (Richards 1987:16). Die mens is dus in 'n sekere sin verantwoordelik vir sy/haar geestelike ontwikkeling. Die paradoks moet gehandhaaf word dat God verantwoordelik is en dat die mens ook 'n verantwoordelikheid het rakende die ontwikkeling van spiritualiteit.

Hoe kan die pastor betrokke wees by die groei van 'n persoon met 'n verantwoordelikheidsbesef?

- *Afwysing van fantasie*. Fantasie is 'n geskenk van God, maar dit kan ook 'n vyand wees. Fantasie kan die fokus van die mens se vryheid van keuse verskuif na 'n realm wat nie bestaan nie. Die treurende kan byvoorbeeld in die fantasie leef dat alles vanself sal regkom. Die hervestiging van identiteit sal self gebeur sonder dat dit nodig is om die realiteit van weduwee of wewenaar wees in die oë te kyk.

- *Ondersoek gewoontes*. 'n Mens het sekere gewoontes. Dit is in sigself nie verkeerd nie, want dit gee 'n sekere stabiliteit. As 'n verantwoordelike wese moet die mens bewus wees van sy/haar gewoontes. Die mens moet die gewoontes ondersoek en die impak daarvan op die lewe bepaal. Die mens moet 'n verantwoordelike keuse vir gedrag maak, dit moet nie bloot 'n gewoonte wees nie.

- *Fokus op die hede*. Baie mense voel gebind deur hulle verlede. Mislukkings en verkeerde besluite in die verlede, doem die huidige besluit. 'n Mens het 'n verantwoordelikheid rakende die besluit hier en nou.

- *Weier om verskoning te maak*. Die hantering van die besluit nadat dit gemaak is, is net so belangrik soos die vryheid waarmee die besluit

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



gemaak is. Die mens maak verskonings wanneer 'n verkeerde besluit gemaak is of as mense die besluit uitdaag. 'n Verskoning plaas die verantwoordelikheid van die besluit dikwels weer op omstandighede of ander persone. Die verantwoordelikheid word soms op die afgestrowene geplaas.

- *Besluit om nou God se wil te doen.* Die mens het gesag en vryheid om 'n besluit vir optrede te maak. Hoe meer die besef van die vryheid 'n werklikheid word, hoe meer kom die Christen onder die indruk dat die grond van hierdie keuse die wil van God moet wees. God se wil is dat die agtergeblewene die lewe moet hê en dit in oorvloed (Joh. 10:10).

Dit is eers tydens die vormings- en ordeningsfase van die rouproses wat die persoon weer van sy of haar self-verantwoordelikheid bewus raak en verantwoordelikheid kan neem vir die hier en die nou. Dit is daarom ook eers dan dat daar sprake van spiritualiteitsontwikkeling kan wees.

Die ontwikkeling van spiritualiteit is afhanklik van die persoon se siening van sy of haar verantwoordelikheid. Die persoon moet bewus wees van die vryheid tot keuse. *Freedom as the goal of the spiritual life obviously means something more than free choice, the ability to choose between one thing and another. Freedom denotes rather the most desirable way of being human in the world* (Johnson 1990:174).

Die belangrikheid van aanbidding (om kerk toe te gaan) moet ook nie uit die oog verloor word nie. *One of the main functions of public worship is to reinforce as people's identity* (Johnson 1990:100). Dit beteken nie dat aanbidding net gestalte gee aan die identiteit van die mens nie, maar ook dat dit vorm gee aan die identiteit. Dit gee nie net 'n model van die lewe nie, maar ook vir die lewe.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



### 3.3.2 Intimiteit

Die tweede aspek van menslike lewe is intimiteit. 'n Menslike lewe beteken om intimiteit met God te soek en so te leef. Die mens is die enigste wese wat op 'n intieme wyse met God kan verkeer.

Die dood van 'n geliefde vertroebel dikwels hierdie intimiteit. Die beloftes van God wat hierdie intimiteit gevoed het voor die dood van die geliefde staan nou op losse skroewe. Die mens vra: Waarom? En waarom kan 'n beweging wees weg van intimiteit. 'n Groeimodel vir rousmart wil hierdie intieme verhouding heelmaak.

Hierdie intieme verhouding behels die volgende:

- Persoonlike verhouding met God
- 'n Begeerte om by God te wees
- Meditasie
- Lofprysing

*Intimacy with God is available to us, an intimacy that some writers have called "prayer of the heart."* (Richards 1987:100).

Volgens Gerkin se model sal dit gebeur wanneer die treurende daarin slaag om weer die beloftes van God vir hom of haar toe te eien.

Die treurende kan groei in hierdie intimiteit. Die pastor kan die volgende in gedagte hou as riglyn vir gebed as die individuele kant van intimiteit.

- Intimiteit moet 'n prioriteit wees.
- Ontwikkel 'n vaste patroon. Dit kan begin word met 'n tyd waarin die persoon stil raak en self-lediging doen.
- Gebruik die Skrif as belofte-opbouende bron.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



- Die treurende moet oefen om die teenwoordigheid van God te ervaar. Aan die begin mag dit geforseerd voel, maar met verloop van tyd sal dit al meer natuurlik raak.

Die korporatiewe element van aanbidding is net so belangrik vir die kweek van intimiteit. Aanbidding is net soos gebed, 'n manier om met God te verkeer. Aanbidding moet daarop gemik wees om mense nader aan God te bring. Hoofstuk 1 het reeds gewys op die rol wat aanbidding en ander aspekte van die bediening speel ten opsigte van heelheid. Daarom is aanbidding 'n belangrike aspek in die ontwikkeling van spiritualiteit en dan spesifiek vir die vestiging van intimiteit.

'n Faktor wat 'n groot rol speel by intimiteit is die Godskonsep van die treurende. Westerhoff (1994:3-4) wys daarop dat die gesondheid van 'n persoon se geestelike lewe direk afhanklik is van sy of haar Godsbegrip. *(T)he only God we are able to experience is the God we image* (Westerhoff 1994:4). Baie mense het 'n beeld van God wat nie God is nie, maar 'n distorsie van God is. Vanweë hierdie distorsie is intimiteit dan bykans onmoontlik.

Gewoonlik bring lyding (soos die treur na die dood van 'n geliefde) 'n persoon in aanraking met die vraagstuk van twyfel en angs. Dit is dikwels die skerpte van emosies wat twyfelvrae oor die werklikheid van God in hierdie wêreld laat ontstaan.

Omdat spiritualiteit gesien word as 'n menslike lewe in gemeenskap met God, is die **beeld** van hierdie God deurslaggewend vir die **lewe**. *This requires an image of God different from the objectified, distant, exclusively transcendent being which is the image of much Protestant and Catholic spirituality* (Thayer 1985:57).

Louw (1993:305) maak in 'n pastorale diagnose gebruik van die onderskeiding tussen negatiewe Godsvoorstellinge en positiewe Godsvoorstellinge. Metodies beteken dit dat die pastor in die luisterproses en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



analise van mense en hul verhale, probeer om die persoon te help onderskei tussen die konstruktiewe aspekte in sy Godsvoorstelling en die remmende aspekte. Hierdie onderskeiding kan spiritualiteitsontwikkeling positief stimuleer en intimiteit bevorder.

Wanneer 'n pastorale diagnose 'n onderskeid tussen negatiewe en positiewe Godsvoorstellinge maak, is die bedoeling van 'n dergelike analise om die volgende geloofsmotiewe by 'n persoon te vestig met die oog op die ontwikkeling van geloofsvolwassenheid.

a) Skeppingsmotief: God skep en die mens is op God gerig en op Hom aangewys.

b) Lydingsmotief: in die krisis identifiseer God Hom met menslike lyding. Daarom is daar sprake van die patos van God; God se medelye met die mens.

c) Oorwinningsmotief: God is die lewende God en triomfeer oor die sonde en dood. Die wegvloei van die bloed by die verbond is 'n aanduiding van die feit dat wanneer die lewensbeginsel wegvloei, God self die voorsetting van lewe waarborg.

d) Strydmotief: geloof gaan met stryd gepaard. Deel van die stryd is twyfel, onsekerheid en angs. Die feit dat God deur die Gees in die mens inwoon, beteken dat die mens oor 'n kragbron beskik wat gelykstaande is aan opstandingskrag.

e) Singewingsmotief: die Bybelse skema vir geloof is: Alhoewel - nogtans; alreeds - nog nie; belofte - vervulling - onthulling. Hierdie skema skep 'n raamwerk vir sinontsluiting en wek 'n hoop wat gedrag toekomsgeoriënteerd en doelmatig vorentoe rig.

Louw (1993) onderskei die volgende Godsbeelde:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



**a) Negatiewe Godsbeelde**

**God as kragreus**

*Wanneer God as despoot of kragreus geïnterpreteer word binne 'n situasie van lyding en die persoon se situasie verander nie, lei dit op persoonlike vlak tot negatiewe gevoelens* (Louw 1993:306). Die gevolg hiervan kan wees neerslagtigheid en 'n verwyt dat God niks aan die situasie doen nie en dus nie belangstel nie. God stel nie belang in die pyn en hartseer van die treurende nie.

**God as paaiboelie**

Mense sal nie God direk as 'n sadis of paaiboelie interpreteer nie. *Die feit dat God straf veroorsaak egter dat mense dink dat God 'n behae het in die lyding van 'n persoon, want "God tugtig mos diegene wat Hy liefhet". Tug word dan gesien as 'n sadistiese behae in die onreg wat ek ly en nie as 'n beskermingsmaatreël en liefdesingreep van 'n vader om 'n koerswysiging in negatiewe gedrag aan te bring nie* (Louw 1993:306). Die idee "God is onregverdig" bring mee dat die persoon weerstand teenoor God ontwikkel en opstandsgevoelens koester wat selfs in haatgedagtes en aggressiewe optrede tot uitdrukking kan kom. God staan in hierdie geval teenoor die treurende.

**God as kersvader**

*By baie mense bestaan daar die opvatting dat geloof 'n waarborg en assuransiepolis is teen verliese. God en geloof is daar om sukses te waarborg en vooruitgang te bewerkstellig* (Louw 1993:307). God moet die vooruitgangsindroom lewend hou en sorg dat die mens gesond bly. Wanneer 'n krisis, soos die dood van 'n geliefde, die mens van sy materiële waarborge beroof of sy gesondheid aantas, voel die mens met sy kersvaderopvatting van God, diep teleurgesteld. Vertwyfeling kan 'n neweproduk van teleurstelling raak.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



**God as outeur**

*Die mens gebruik geloof dikwels as 'n verklaringsbeginsel vir al die onverklaarbare raaisels. Die effek van 'n dergelike verklaringsgeloof wat werk met 'n deterministiese, meganiese en kousale skema van oorsaak en gevolg, is dat God moet instaan vir alle pynlike lewensmisteries* (Louw 1993:307). God is dus eventueel die outeur van die pyn wat die dood bring en die verklaringsbeginsel van lyding. Die effek van 'n dergelike Godsbeskouing is dikwels 'n godsdienstige neutraliteit wat lei tot ongeloof (die verwerping van God).

**God as programmeerder**

*Die geloof word as 'n suiwer rasionele aangeleentheid beskou. Die raad van God word geïnterpreteer as 'n logiese bloudruk vir die menslike gedrag en die verloop van die geskiedenis* ... (Louw 1993:307) Die uitwerking hiervan op geloofsgedrag is 'n voortdurende onsekerheid, knaende twyfel en angs.

**God as towenaar**

*Geloof werk as 'n kitsformule om alle probleme op te los. Die uitspraak: "glo net alles sal regkom" wek die indruk dat God in 'n oomblik sy towerstaffie oor alles swaai en dan is alles reg* (Louw 1993:308). Die uitwerking op geloof is 'n goedkoop optimisme ... Die effek van 'n derglike opvatting op die gelowige is 'n oppervlakkige optimisme met die slagspreuk: glo harder en probeer harder. Vir die treurende kan hierdie Godsbeeld baie problematies wees omdat hy of sy nie harder kan glo of probeer nie.

**b) Positiewe Godsbeelde**

**God as Vader**

*Die Vader-metafoor in die Skrif versterk die volgende belangrike konsep: die trou van God. Die gelowige kan te alle tye op God staat maak omdat God getrou bly aan dit wat Hy beloof. Die inhoud van die beloftes is: Ek sal vir jou*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



*'n God wees. Hierdie verbondsformule waarborg nie sukses nie, maar troos en gee ontfermende liefde* (Louw 1993:308).

**God as Verlosser**

Vervreemding tussen God en mens as gevolg van sonde skep afstand. *Die versoening wat God in Christus bewerkstellig het, skep 'n vrede wat die vervreemding tussen God en mens ophef en aldus 'n algehele bevryding skep wat alle verstand te bowe gaan* (Louw 1993:309).

**God as Trooster**

*Die Heilige Gees bevestig die feit dat God aan die kant van die mens staan teenoor alle destruktiewe en bose magte* (Louw 1993:309). God neem die saak van die mens op, verklaar hom regverdig en is in elke oomblik by hom. God is dus in alles teenwoordig en werklik dààr.

**God as Regter**

Die wete dat menslike gedrag bepaal word deur die norme van God en aldus in die lig van Skrifwaardes geëvalueer word, beteken dat die mens 'n sedelike wese is. *Dat God Regter is beteken nie dat ek vir God bang moet wees nie (in die sin van angs nie) maar Hom moet vrees (in die sin dat jy te alle tye met God rekening moet hou en vir Hom ontsag en respek moet hê)* (Louw 1993:309). Die vrees vir God lei tot verantwoordelike gedrag en 'n sensitiewe onderskeidingsvermoë tussen reg en verkeerd.

**God as Vriend**

*Die idee is nie dat God op 'n afstand is nie. Die nabyheid en teenwoordigheid van God beteken dat Hy 'n bondgenoot en 'n weggenoot is. Die vriendskap van God beteken hulp met betrekking tot veral twee belangrike areas:*

*a) Vergifnishulp in die geval van menslike skuld.*

*b) Oorwinningshulp in die geval van die mens se doodsangs.*
(Louw 1993:308)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Laasgenoemde Godskonsep - God as Vriend - kan op 'n besondere wyse intimiteit bewerk tussen God en die treurende.

Indien die metafoor God as vriend gehandhaaf word, blyk dit dat die mens reeds baie verstaan van die dinamika en groei in die verhouding vanweë ondervinding in menslike vriendskapsverhoudings. Dit is byvoorbeeld moeilik om 'n intieme vriendskap met iemand te hê as 'n mens nie genoegsame tyd saam met daardie persoon deurbring nie.

*Friendship require that we share emotions freely, but many people attempt to hide their emotions from God* (Westerhoff 1994:6). Die mens moet geleer word om sy/haar emosies en gevoelens te erken en uitdrukking daaraan te gee teenoor God.

'n Vriendskapsverhouding kan ook nie ontwikkel as dit net die een is wat die hele tyd praat nie. Daarom moet die mens ook na God luister en nie net self die hele tyd praat nie. Gebed is nie verkeerd nie, maar daar moet ook geleentheid vir stilte wees sodat God kans kan kry om met die persoon te praat op watter wyse Hy dit ookal wil doen.

*Die model "vriend van God" beweeg weg van die hiërargiese na gemeensaamheid/gemeenskaplikheid/omgang. Dit het ook sterk immanente tendense: ons is nie langer "onder" nie, maar met en in God* (Van Velden 1995:24).

McFague (1983:183) is van mening dat die prinsipiële karaktereienskap van vriendskap "volwassenheid" is - *it is a way of relating what is pertinant to adults.* Louw is egter van mening dat die prinsipiële karaktereienskap van vriendskap "trou en geborgenheid" is. Hierdie trou en geborgenheid kan met die trou van die Here in die O.T. vergelyk word.

Die model God as Vriend maak voorsiening vir die herstel van die verhouding tussen God en mens soos dit was voor die sondeval, maar neem dit ook nog 'n stap verder tot 'n nuwe dimensie in die verhouding. *It is perhaps no*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



*accident that Irenaeus, one of the few theologians who has used the model of friendship between God and humanity, also believed that the fall was "fortunate"; that is, reconciliation for us is not just a return to the obedient behaviour of Eden, but is the fulfillment of our potential to become friends with God* (McFague 1983:183).

*God as Vriend sluit 'n modifikasie in in die tradisionele verstaan van God se transendensie. God as Vriend is nie bokant, apart, oor ons in die absolute sin nie; net soos vriende deelname in mekaar se lewens het, so is God deel van ons wese as die bron van liefde, krag, uithouvermoë, insig* (Van Velden 1995:35). Dit bring intimiteit en ontwikkel spiritualiteit.

### 3.3.3 Sondigheid

Sonde is 'n realiteit. Dit is iets wat diep binne die mens gesetel is. Daarom moet die menslike lewe rekening hou met die feit van die sonde, maar ook bevry word van die baasskap daarvan.

*To live a human life is to become aware constantly of shortcomings and rebellion. To live a human life in union with God means learning to deal with sin whenever it appears and to deal with it in God's way, responding to our own sins with confession and to the sins of others with a willing forgiveness which is modeled on Christ's own forgiveness* (Richards 1987:121).

Daar is vier menslike maniere om sonde te hanteer: pretensie, ontkenning, verskoning en beskuldiging. As die mens in gemeenskap met God leef kom daar 'n vyfde by: belydenis.

Daar bestaan verskeie wanvoorstellings oor sondebelydenis. Louw (1993:425) wys op die volgende wat die pastor moet kan identifiseer:

a) Sondebelydenis beteken om oor jou sonde met iemand anders te praat. Sondebelydenis is nie gewone kommunikasie nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



b) Sondebelydenis is 'n emosionele katarsis. Sondebelydenis is meer as ontlading en 'n psigiese moment van katarsis. Die gevoel van verligting is 'n tydelike verandering op emosionele vlak terwyl sondebelydenis met 'n ontiese saak te doen het naamlik met 'n permanente verandering in die persoon se ' estand voor God.

c) Sondebelydenis is om foutiewe gedrag te verduidelik en te verklaar. Die identifisering van sonde beteken nog nie 'n verantwoordelike aanvaarding van eie skuld nie.

d) Sondebelydenis gaan gepaard met 'n realistiese hantering van 'n situasie. Realisme oor die omvang en effek van sonde beteken nog nie dat die persoon bereid is om te sê: "ek het" nie.

e) Sondebelydenis is 'n noodsaaklike deel van alle liturgiese handelinge. Sondebelydenis is nie 'n ritueel nie. Bieg as 'n voortdurende sondebelydenis in die lig van die herhaling van sondige gedrag beteken dat die persoon nog nie wesenlik met sonde wou breek nie.

f) Die egtheid van sondebelydenis word gedemonstreer in suksesvolle dade. Sondebelydenis word nie gemeet in terme van langtermyn sukses op gedragsvlak nie. Die wesenlike saak waarom dit in sondebelydenis en 'n erkenning van skuld gaan is die aard van die persoon se verhouding met God en sy eerlike motief om te oorwin.

Die konstruktiewe betekenis van sondebelydenis as 'n verantwoordelike erkenning van skuld in die teenwoordigheid van God setel volgens Louw (1993:426) in die volgende:

a) Skuldbelydenis kom tot uitdrukking in duidelike ek-taal: ek het.

b) Skuldebelydenis veronderstel verplasing. Daarom is 'n skuldbelydenis wanneer dit ander mense raak 'n vorm van gedeelde pyn. Die leed wat ek ander aangedoen het, tref myself en maak my seer. Die persoon is bereid om hom in die ander persoon se posisie te verplaas en toe te laat dat die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



effek van sy destruktiewe gedrag op die ander persoon, sy eie persoonlike pyne en leed word.

c) Skuldbelydenis gaan gepaard met egte berou, naamlik die behoefte om vir skades te vergoed en die opregte begeerte om die leed te herstel en voortaan anders op te tree.

d) 'n Skuldbelydenis impliseer die neem van 'n risiko. Die erkenning van skuld hou die risiko in dat die openhartige belydenis op myself kan boemerang, my status kan aantas en verleentheid kan skep. Belydenis is 'n blootstelling, 'n reserwelose blootstelling en 'n waaghalsigheid binne die ruimte van genade ten spyte van moontlike skadelike effekte op die selfbeeld.

God wil dat die mens op hierdie manier sonde moet hanteer. Vanweë die menslikheid van die mens sondig die mens. Maar as elke sonde voor God bely word, kan die mens die reinigende krag van Christus se bloed ervaar. Belydenis beteken die erkenning. Die woord in sigself het nie die betekenis van hartseer of 'n belofte om dit nie weer te doen nie. Dit beteken die erkenning van 'n fout.

'n Saak wat hand aan hand loop met die kwessie van belydenis is die onderskeiding tussen skuld en skuldgevoelens. Die treurende het dikwels 'n verwarde prentjie van wat skuld en skuldgevoelens is en hoe beide hierdie sake hanteer moet word.

Louw (1993:429) gee die volgende beoordelingskaal vir skuld:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



| SKULD | | | | | | | | SKULDGEVOEL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Norm- en sondebesef** | | 3 | 2 | 1 | 2 | 3 | | **Intensiteit op bestaansvlak** |
| 1. | Besef van toestand voor God. Duidelike Godsbesef. | | | | | | | Emosionele reaksie. Gevoel van mislukking, neerslagtigheid, ongelukkigheid, hulpeloosheid ... |
| 2. | Verhouding met God en naaste versteur. | | | | | | | Skerpte van pyn, worsteling en stryd. |
| 3. | Kennis van die norm of maatstaf wat oortree is. | | | | | | | Eksistensiële krisis met 'n hanteringsonvermoë: ek kan nie verder nie. |
| 4. | Insig in die Skrif se siening. | | | | | | | Persoon se eie gedagtes en idees. |
| 5. | Besef dat God se saak benadeel is en ook iemand anders. | | | | | | | Selfverwyt en selfbeskuldiging. |
| 6. | Verantwoordelike berou: ek het. | | | | | | | Onsekerheidsgevoelens, frustrasie en onvergenoegsaamheid. |
| 7. | Aangespreek deur Christelike gewete. | | | | | | | Aangespreek deur taboes en kultuurpatrone/kultuur-konvensies. |

Skuldgevoelens is gewoonlik 'n aanduiding van die kwaliteit en omvang van die skuldbewussyn. Dit kan dus moontlik wees om 'n skuldbesef sonder skuldgevoelens te hê. 'n Ervaring van skuld sonder die getref wees daardeur op eksistensiële vlak met die uitskakeling van 'n normbesef en die gewete, kan 'n aanduiding wees van diep ingrypende patologie. Skuldgevoelens kan nie bely word nie. Dit is net skuld wat bely kan word. 'n Verdere onderskeiding tussen ewewigtige en onewewigtige skuldgevoelens is ook nodig. Dit is baie moeilik om so 'n onderskeiding te maak. In 'n sekere situasie kan die gevoelens realisties wees; onder ander omstandighede kan dieselfde gevoelens onrealisties wees. Baie hang af van die kwaliteit van relasies en die aanwesigheid van verwronge persepsies. Louw maak van onderstaande beoordelingskaal gebruik. Dit kan die pastor baie help om tog 'n bepaalde tendens in die skaal te identifiseer. Dit help hom/haar om te

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



**besluit** om in die geval van onewewigtige skuldgevoelens die persoon vir **psigiatriese** help te verwys.

| | Ewewigtige skuldgevoelens | 3 | 2 | 1 | 2 | 3 | Onewewigtige skuldgevoelens |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. | Lae selfbeeld en 'n gevoel van mislukking | | | | | | Selfveragting en selfverwerping (selfmoordgedagtes). |
| 2. | Verband tussen skuldgevoel, skuld en konkrete werklikheid. | | | | | | Onvoldoende bestaansgrond; afwesigheid van konkrete skuld. |
| 3. | Toon egte berou en spreek spyt uit. | | | | | | Afwesigheid van berou en spyt. Doelbewuste weiering om te erken. |
| 4. | Gewete speel 'n rol binne raamwerk van Skrifnorme. | | | | | | Afstomping van gewete en algehele gevoelloosheid. |
| 5. | Besef van verantwoordelikheid en uitwerking van destruktiewe optrede. | | | | | | Vergroot die effek van destruktiewe gedrag buite alle realistiese verbande om. |
| 6. | Soek na werkbare oplossings en alternatiewe. | | | | | | Strafbehoefte, self-pynigend en selfstraffend. |
| 7. | Neerslagtigheid vanweë skadelike effek van optrede teenoor self en ander mense. | | | | | | Angs met algehele gevoel van ongeborgenheid en bedreigdheid. |
| 8. | Praat oor skuldgevoel. Aanvaar aanbod van vergifnis as onvoorwaardelik. | | | | | | Wil aan voorwaardes voldoen en reageer nie maklik op vergifnis nie. |

*Ewewigtige skuldgevoelens besit gewoonlik 'n duidelik omlynde besef van die verband tussen gevoel en aanleidende oorsaak. Daarom is dit eg berouvol en op oplossende en konstruktiewe gedrag gerig. Onewewigtige skuldgevoelens konsentreer oordrewe op die gevoelswêreld wat angstoestande verhoog en 'n aanleidende faktor is in die ontwikkeling van 'n negatiewe selfbeeld en 'n negatiewe persepsie van die omgewing. Onewewigtige skuldgevoelens gaan dikwels gepaard met selfdestruktiewe gedrag en 'n verlies aan kontak met die onmiddellike realiteit* (Louw 1993:430).

Ook die onderskeiding tussen 'n sondebesef en 'n sondewaan is van belang. Terwyl 'n sondebesef 'n duidelike geformuleerde insig is ten opsigte van die norm wat oortree is, werk 'n sondewaan met 'n verwronge sondekonsep; 'n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



reële selfinsig ontbreek en die persoon verloor kontak met die werklikheid. Die pastor moet besef dat 'n sonderwaan nie bloot 'n oordrewe sondebesef is nie, maar 'n verwronge sondebesef wat gekoppel is aan verwronge persepsies. Louw (1993:431) stel die volgende beoordelingskaal voor:


| **Sondebesef** | | 3 | 2 | 1 | 2 | 3 | **Verwronge persepsie** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. | Insig in reële aard en omvang van oortreding. | | | | | | Gebrek aan selfinsig en kontakverlies met die werklikheid. |
| 2. | Duidelike sondekennis met persoonlike verantwoordelikheid. | | | | | | Weet wel van sonde sonder 'n sondebesef en persoonlike element van aanspreeklikheid. Sondekonsep dikwels verwronge en foutief. |
| 3. | Behoefte aan vergifnis. | | | | | | Geen behoefte aan vergifnis. Besliste afwysing. |
| 4. | Dade van terugkeer en herstel. Gerig op koersverandering en gedragsverandering. | | | | | | Begeer om in strafverhouding te bly. Strafbehoefte. |
| 5. | Toename in sondebesef bring bevryding. | | | | | | Vermeerdering van waardenkbeeld verskep depressie. |
| 6. | Gerig op God, soek konstruktiewe kontak met God. | | | | | | Ervaar God as vyandig, kwaad en op 'n afstand. Vermy kontak. |
| 7. | Antisipeer 'n nuwe toestand met gevoelens van verligting. | | | | | | Antisipeer straf met verskerpte angs. |

Louw (1993:422) toon die skulddinamika as volg diagrammaties aan:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



## SKULDDINAMIKA




Die hantering van skuld in pastorale versorging hang volgens Clinebell (1984) af of dit toepaslike of neurotiese skuld is.

**Genesing van toepaslike skuld**

Toepaslike skuld kan genees word via 'n proses met vyf stadia:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



* konfrontasie
* belydenis
* vergifnis
* herstel "restitution" (en die verandering van destruktiewe gedrag)
* versoening

Hierdie proses omvat die pad van die sakramente van versoening van die Rooms Katolieke Kerk. Dit is die pad weg van vervreemding (van jouself, van ander en van God) wat deur skuld veroorsaak word na versoening en totale vergifnis. Vervolgens 'n bespreking van hierdie vyf stadia.

**1. Konfrontasie**

Dit is 'n vaardigheid wat in baie pastorale versorging voorkom. Die doel hiervan is dat konfrontasie sal lei tot self-konfrontasie. Die persoon moet sy of haar gedrag in die oë kyk en die seer wat die hom/haarself of ander bring sien en dan toepaslike skuld daarvoor ervaar.

Sommige persone is bewus van hierdie gedrag, ander nie. Die pastor moet diesulkes op 'n baie sensitiewe wyse konfronteer.

Konfrontasie kan geredelik tot self-konfrontasie lei as dit twee aspekte insluit. In Nuwe Testamentiese taal is dit *in liefde by die waarheid bly* (Ef. 4:15). Wanneer daar 'n atmosfeer van liefde tussen pastor en persoon is, is dit konstruktief as die pastor by die waarheid bly. As die atmosfeer van liefde ontbreek, ervaar die persoon verwerping as die pastor in die waarheid bly.

Die waarde van konfrontasie is daarin geleë dat dit die persoon se oë oopmaak vir byvoorbeeld 'n diskongruensie tussen bestaande oortuigings en konkrete gedrag. Dit wil ook diskrepansies tussen 'n persoon se geloofsinhoude en sy of haar geloofslewe uitwys. *Op kommunikasievlak wil konfrontasie 'n persoon help om die diskrepansies tussen die verbale en*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



*nonverbale boodskappe te ontdek asook tussen woorde en dade; handelinge in die verlede en optredes in die hede* (Louw 1993:265). Die hele bedoeling van konfrontasie is dus om die persoon te help om meer kongruent en werklikheidsgetrou te lewe.

**2. Belydenis**

Self-konfrontasie lei spontaan tot belydenis. Spontane belydenis is nie ongewoon vir die vroeë fase van pastorale sorg wanneer katarsis plaasvind nie. Dit is belangrik dat die persoon sy skuld en skuldgevoelens in die oopte bring. *Experiencing and expressing one's painfull guilt feeling is an essential part of the cleansing, healing process* (Clinebell 1984:145). Hierdie aspek is reeds vroeër in die hoofstuk meer breedvoering hanteer.

**3. Vergifnis**

Die pastor moet nie probeer om die persoon beter te laat voel nie, maar moet die persoon help om al die fasette van die skuld te verwoord en te ervaar. Dit is eers dan wanneer die aspek van vergifnis kan intree. *Hearing confession and serving as a channel of God's forgiveness are both pastoral care and priestly functions* (Clinebell 1984:145).

'n Foutiewe opvatting oor wat vergifnis wesenlik is, werk blokkerend in op die toepassing van vergifnis met die oog op konstruktiewe en positiewe gedrag. Die treurende moet gehelp word om die volgende wanvoorstellings (aldus Louw 1993) oor vergifnis te identifiseer.

a) Die idee van vergifnis as: ek sal vergeef maar kan nie vergeet nie. Vergifnis is nie 'n poging om te probeer vergeet nie. Die pynlike effek van destruktiewe gedrag op iemand anders word in elk geval baie moeilik vergeet. Wanneer die persoon sê: ek kan vergewe maar nie vergeet nie sê hy of sy eintlik: ek wil nie vergeet nie. Onderliggend is daar geblokkeerde behoefte, 'n frustrasiekomponent en heel waarskynlik 'n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



aggressie wat eers geïdentifiseer moet word alvorens die persoon die vergifnis na die konkrete situasie kan deurtrek.

b) Die opvatting: ek moet die persoon verskoon. Vergifnis is nie om gedrag te verskoon nie. Die verskoning van skadelike gedrag geskied vanuit fatsoenlikheid en ordentlikheid. Intussen neem jy die persoon steeds kwalik vir die leed en die skade wat hy of sy jou berokken het.

c) Die uitgediende cliché: vergifnis is om weer van voor te begin met die formule: ek gaan weer probeer. 'n Dergelike poging is gebind aan die begrensing van menslike feilbaarheid en is uitgelewer aan die gevaar van voortdurende mislukking.

d) Die groot dwaling: vergifnis is om iemand op parool uit te laat. 'n Dergelike opvatting koppel vergifnis aan 'n indirekte voorwaarde: as jy dit weer doen sal ek jou nooit weer. ... Om iemand op parool uit te laat beteken om die oorspronklike aanklag steeds as 'n geldige en wettige rede te beskou waarom jy nou nog nie die persoon onvoorwaardelik kan vergeef nie.

Hierdie voorstellings moet vervang word met die volgende konstruktiewe en dikwels pynlike opvattings oor die wese van die Christelike vergifnis. (Louw 1993:425)

a) Vergifnis is 'n algehele en totale uitwissing. Vergifnis is 'n objektiewe feit en is finaal en afgehandel. Oor vergifnis staan geskryf: nooit weer nie.

b) Vergifnis is bevryding. Die magte wat die persoon gebind het, is oorwin. Die konsep van oorwinning is dus dominant in die besef van bevryding.

c) Vergifnis is 'n krag tot vernuwing en veranderde gedrag. Vanweë die nuwe dimensie van versoening kan die gelowige in die liefde anders optree. Die krag daartoe word gewerk deur die Heilige Gees.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



d) Vergifnis is onvoorwaardelik. Die redes vir vergelding is uitgewis. Die persoon word nie meer vasgepen op sy negatiewe en sondige gedrag nie, maar oorgeplaas binne die domein van God se genade. Vergifnis in sy onvoorwaardelike gestalte is 'n belegging van genade in 'n ander mens.

**4. Herstel**

Vergifnis moet gevolg word deur herstel en verantwoordelike gedrag. Dit sluit die verandering van destruktiewe gedrag, houdings en oortuigings in wat die oorspronklike skuld veroorsaak het.

**5. Versoening**

Die basis elemente van 'n basisteorie oor versoening is volgens Louw (1993:423) die volgende:

a) Versoening as die oorwinning oor die bose magte. Die dramatiese of klassieke versoeningsleer werk met hierdie dimensie van stryd en oorwinning.

b) Versoening as 'n objektiewe toestand van verlossing op grond van die vryspraak van genade en die daad van Christus se plaasvervangende kruisdood. Die vryspraak is gegrond in die regverdigverklaring van die sondaar as gevolg van die middelaarswerk van die Seun. Hierdie dimensie van vryspraak word genoem die sintetiese, juridiese of objektiewe versoeningsleer.

c) Versoening as 'n veranderde verhouding waarin die vyandskap plek maak vir vriendskap en die effek van vrede en rus in die mens. Die versoening besit dus 'n effek van verandering wat deurwerk na alle ander menslike verhoudinge. Hierdie neerslag van die versoening op eksistensiële vlak word die analitiese of subjektiewe versoeningsleer genoem. Die versoening besit 'n konkrete uitwerking sodat mense nou anders leef en anders optree. 'n Gestalte hiervan is die liefde.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Wesenlik beteken versoening in teologiese taal dat daar 'n skuldoordrag plaasgevind het omdat Christus in die mens se plek gesterf het. Versoening beteken nou dat die mens vanuit die dood losgekoop is en bevry is van sy angs vir die dood. Sy/haar skuld is uitgewis sodat vergifnis 'n nuwe toestand van vrede en verlossing skep.

Op eksistensiële vlak beteken versoening dat God vir die mens ja gesê het. Hierdie positiewe uitspraak oor die mens lei tot versoening met jouself. Die gevaar van selfvervreemding en identiteitsverlies word beveg met die besef dat God die sondaar onvoorwaardelik aanvaar.

Op sosiale vlak beteken versoening dat mense nie meer vir mekaar 'n bedreiging hoef te wees nie, maar dat hulle mekaar in die liefde onvoorwaardelik kan aanvaar.

Die ervaring van versoening word dikwels eers 'n werklikheid vir die persoon as die proses van herstel in 'n groot mate plaasgevind het. Die planne vir herstel moet deurgevoer word. *As the man implemented his plans, his sense of reconciliation - healed relationship with God, with himself, with some of the people from whom he had been self-alienated gradually increased* (Clinebell 1984:146).

Die treurende word nie net deur eie skuld geraak nie, maar kan ook die persoon wees teen wie gesondig is. Behalwe dat die menslike lewe die mens bewus maak van sonde in sy/haar lewe, moet die mens ook saamleef met sonde in ander. Die persoon moet bewus word van die vergifnis wat hy of sy ontvang het, maar ook van die vergifnis wat hy of sy kan gee. Die mens moet leer om met hierdie sonde om te gaan soos God daarmee omgaan. Hierdie weg van God is vergifnis. *Deur die bloed van sy Seun is ons verlos en is ons oortredinge vergewe kragtens die ryke genade van God* (Ef.1:7). Vergifnis is nie 'n teken van geloof nie, maar is 'n teken van gehoorsaamheid aan die opdrag van Jesus. Die uitdaging is dat die treurende in staat sal wees om vergifnis aan die afgestorwene te gee.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Saam met vergifnis loop ook versoening. Mens kan nie sonde wegneem soos God dit wegneem nie, maar mense kan mekaar genadig wees. 'n Mens kan ander bevryding gee van hulle skuldlas. Die geheim van versoening is nie om ander te herinner aan skuld en te waarsku teen straf nie, maar om ander te herinner aan die boodskap dat in Christus word hulle sonde nie teen hulle gehou nie.

**Genesing van neurotiese skuld**

Baie persone se lewens word versuur deur 'n neurotiese gewete. Hulle ervaar voortdurend ontoepaslike skuld wat te wyte is aan onvolwasse en rigiede waarde sisteme. Energie word "gemors" op minder belangrike aspekte en sake wat aandag moet geniet, word afgeskeep.

*Neurotic guilt, particularly about ethical trivia, frequently hides appropriate guilt about unlived life and person-hurting behavior. The neurotic guilt is superimposed on the deeper guilt as a camouflage* (Clinebell 1984:151).

Wanneer die pastor aan hierdie skuld aandag gee, moet hy/sy baie krities daarteenoor staan omdat dit bloot 'n oppervlakkige manifestasie kan wees van dieperliggende skuld wat teenwoordig is in die persoon se lewe.

**3.3.4 Heerskappy**

'n Menslike lewe beteken die erkenning van die heerskappy van die lewende God. Die mens is onder die heerskappy van hierdie God. *We acknowledge Jesus' sovereignty in this present world, sure that our Lord is superintending not only the course of history but our very lives* (Richards 1987:151).

God se heerskappy word eers werklik erken as Sy wil gehoorsaam word. Dan is daar sprake van 'n geestelike lewe waar die persoon 'n menslike lewe lei in gemeenskap met God.

Groei in spiritualiteit beteken om te luister vir, herkenning van en gehoorsaamheid aan die stem van Jesus. Dit is dikwels moeilik vanweë die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



mens se onvolwassenheid. Die volgende riglyne is belangrik in die mens se soeke na die wil van God:

- God se wil sal nie die Skrif weerspreek nie.
- Sommige mense kan soms nie Jesus se stem hoor nie
- Jesus se stem word op verskeie maniere gehoor
- Jesus se stem moet gehoorsaam word

Elke persoon is self verantwoordelik vir hoe hy/sy reageer op God. 'n Ander kan nie 'n oordeel daaroor fel nie. *Our personal spiritual growth must be expressed in the development of a nonjudgemental attitude toward others* (Richards 1987:168).

### 3.3.5 Sterflikheid

Om mens te wees beteken om vatbaar te wees vir lyding. Die mens leef in swakheid en is vatbaar vir pyn. *To live a human life in the world means to surrender to the God who does control and, in our pain, to find comfort in our knowledge of God's wisdom and love* (Richards 1987:64).

*A viable belief system concerning the purpose of existence helps provide a foundation of meaning and hope for a person's life. The conviction that one's existence has a purpose, in spite of the inevitable tragedies of life, equips one to live more fully in the midst of those tragedies.* (Clinebell 1979:116)

Die dood is 'n voortdurende metgesel van menslike lewe. Die Christen weet van die herstel en verlossing wat voorlê. *To live a human life in union with God means to meet suffering in an attitude of submission and to respond to the suffering of others with Christlike compassion* (Richards 1987:173).

Hierdie medelye wat die mens met ander mense het word deur twee faktore bepaal: die hoeveelheid pyn wat die persoon kan dra en weersin teenoor die ander persoon. Medelye kan versterk word deur die volgende:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



- Wees sensitief vir ander se pyn
- Besoek die wat swaar kry
- Gee om behoeftes te vervul

'n Persoon wat medelye met ander het, verloor nie iets nie, maar wen iets. Die persoon verstaan meer wat dit beteken om 'n menslike lewe te lei in gemeenskap met God.

### 3.3.6 Heiligheid

Menslike lewe is om te reageer teenoor God. Die mens moet heilig wees in wat hy/sy doen en sê. Dit bring die kwessie van moraliteit na vore. Die mens dink aan moraliteit as iets negatiefs. *We seldom see morality in terms of a holiness which is dynamic and positive and calls for active involvement with the sinners of our world. Christian holiness and personal morality do involve a complete rejection of all things that God says are evil. But they also involve a complete commitment to a caring, loving way of life* (Richards 1987:199).

Heiligheid beteken nie 'n onttrekking van die wêreld nie, maar 'n betrokkenheid by die wêreld. Ware moraliteit en heiligheid kom tot uitdrukking in 'n positiewe houding, gekarakteriseer deur goeie dade wat eer bring aan God.

*People need sound values and meanings to be healthy. Growth toward Spirit-centered wholeness must include growth in life-guiding values and ethical commitments* (Clinebell 1984:138). Waardes en norme bestempel die mens as sedelike wese en verleen 'n etiese dimensie aan sy/haar bestaan. *Waardes wys eintlik in twee rigtings. Aan die een kant wys dit in die rigting van die inhoude van 'n persoon se geloofsisteem wat op die ou end sy lewensprioriteite bepaal. Aan die ander kant hang waardes saam met die voorkeure en afkeure gebaseer op basiese behoeftes* (Louw 1993:170).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Louw haal Meissner se samevatting van die belangrikste aspekte van waardes aan (1993:171).

a) Waardes is intrapsigies en maak dikwels deel uit van die nie-waarneembare deel van 'n persoon se eksistensiël oriëntasie binne 'n bepaalde sosiale milieu.

b) As deel van die psigiese samestelling van 'n persoon, verskaf waardes 'n dimensie van duursaamheid en permanensie aan menslike gedrag. Dit bied vastigheid en sekuriteit.

c) Waardes is intensionele strukture. Dit beteken dat waardes rigtinggewend werk en as konsepte of idees geformuleer kan word wat doelgerigte gedrag bevorder.

d) Waardes is eksplisiet of implisiet. Soms is dit gedeeltelike bewustelik, ander kere is dit weer geheel en al onbewustelik. Dikwels opereer waardes op 'n meer voorbewustelike vlak.

e) Waardes is aksie-gerig. Dit speel 'n rol by die maak van keuses en bied 'n raamwerk waarbinne handelinge voltrek word.

f) Waardes is doel-georiënteerd.

g) Waardes hou verband met biologiese behoeftes van die organisme. Dit is veral behoeftes met betrekking tot seksualiteit en liefde wat 'n groot rol speel in die slyping van waardes.

h) Waardes is motiverend van aard. Dit kanaliseer die psigiese energie en verskaf rigting aan gedrag.

i) Waardes is selektief en berus op voorkeurgedrag. Vanweë hierdie selektiewe aard van waardes speel persoonlike keuses 'n belangrike rol in die vorming van waardes.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



j) Waardes is normatief van aard. Wanneer waardes 'n verpligtende karakter verkry en aldus etiese implikasies besit, verkry dit 'n normatiewe karakter wat 'n appél maak op die persoon se verantwoordelikheidsin en morele sensitiwiteit. Vandaar die verband tussen waardes en die menslike gewete.

*Conscience in some people needs softening and humanizing; in others it needs awakening and strengthening and in still others it needs clarifying and renewing* (Peterson 1982:11).

In pastorale versorging is dit nie net belangrik om aan persone se verwronge gewetens aandag te gee nie. Persone moet ook gehelp word om 'n gesonde, volwasse gewete te ontwikkel. Die menslike gewete speel in feitlik alle lewensvrae 'n rol. Die gewete dien as seismograaf ten einde die pastor te help om die komponent van skuld en skuldgevoelens te identifiseer. *Dergelike gevoelens is gewoonlik 'n aanduiding van dit wat op die vlak van die persoon se diepste selfkern, identiteit en selfbeeld plaasvind.* (Louw 1993:291).

Peterson (1982:xi) wys daarop dat 'n gewete ("conscience") *can fulfill an affirming, constructive, and liberating role in human life ... I want to share a vision of healthy consciences helping people to realize their potential for a fulfilling and responsible life.* Hoewel dit moeilik is om die konsep gewete te definieer stel hy dit as volg: *The term usually refers to thoughts, feelings, and actions involved in human valuing and judging* (1982:3).[4]

Lawrence Kohlberg se teorie van morele ontwikkeling het groot potensiaal vir pastors in hierdie gebied. Kohlberg onderskei ses stadia van morele ontwikkeling en besluitneming. Dit kan as volg opgesom word:

---

[4] Vir die onderskeiding van verskillende tipes van gewete, sien Peterson (1982).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



**Vlak I: Prekonvensionele vlak**

Stadium 1: Straf- en gehoorsaamheidsoriëntasie

Stadium 2: Naïwe hedonistiese en instrumentele oriëntasie

**Vlak II: Konvensionele vlak**

Stadium 3: "Goeie seun/meisie"-oriëntasie

Stadium 4: "Wet en orde"-oriëntasie

**Valk III: Postkonvensionele vlak**

Stadium 5: Sosiale ooreenkoms-oriëntasie

Stadium 6: Oriëntasie volgens universeel-etiese beginsels

Die pastor moet bewus wees van die stadium waarin die persoon huidiglik is en sensitief wees vir daardie betrokke stadium.

Die vraag is egter hoekom 'n pastor dan ontwikkeling by die persoon wil stimuleer. Wat is so 'n gesonde gewete? Peterson (1982) beskryf 'n gesonde gewete as volg:

1) 'n Positiewe, bevryde gewete - bevry deur die liefde van God van 'n onderdanigheid aan reëls en die verpligting om aan wettiese kodes en groepsdruk te konformeer.

2) Gewete geslyp deur betrokkenheid aan die Christelike gemeenskap.

3) 'n Gewete wat voordurend groei. 'n Gewete wat vernuwe vanweë konfrontasie wat die etiese blinde kolle uitdaag en nuwe areas van menslike behoeftes ontdek.

4) 'n Geïntegreerde gewete wat erns maak met die heelheid van die mens.

5) 'n Versorgende gewete wat ander mense help om te groei en hulp aanvaar vir eie groei.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



6) 'n Sosiaal-verantwoordelike gewete wat die wêreld as geheel insluit in versorging.

Clinebell (1984:167) voeg nog twee aspekte hierby:

7) 'n Gewete wat geslagtelike gelykheid in die oog het ("androgynous").

8) 'n Gewete wat hoë prioriteit gee aan waardes wat die voortbestaan van die mens bevorder.

Hoe ontwikkel so 'n moraliteit wat gewortel is in heiligheid?

- Ondersoek jou eie konsep van 'n moreel korrekte optrede. Dit moenie in 'n klomp moets en moenies gesetel wees nie, maar in 'n dinamika wat die persoon in staat stel om in liefde na ander uit te reik.

- Fokus op 'n positiewe moraliteit. Dit beteken 'n liefdevolle optrede wat uitreik na ander en goed doen.

- Volg Jesus se styl in verhoudings. Hy het 'n houding openbaar wat reageer op mense se behoeftes. Sondaars het hom nie bedreig nie.

- Betoon vriendskap aan die persoon naby jou.

Die mens word voortdurend in situasies geplaas waar morele keuses gemaak moet word. In gemeenskap met God word die bose weerstaan en uitgereik om goed te doen.

Geregtigheid gee uitdrukking aan 'n verhouding in gemeenskap met God. Geregtigheid het nie net 'n persoonlike aspek nie, maar is ook 'n sosiale aangeleentheid. *The holiness of God, which expresses itself in a commitment to do good to all, may also find expression through the Christian's involvement in concerns of social justice* (Richards 1987:215).

Behalwe vir die sosiale aspek moet geregtigheid vandag ook na die ekologie uitgebrei word. Die mens se heiligheid raak ook sy/haar verhouding met die natuur.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Bouma (1989:165) wys op die holistiese denk- en lewenswyse van Albert Schweitzer (1975-1965). Hierdie teoloog, musikus, filosoof en medikus het veral bekend geword vir sy etiek van die "eerbied vir die lewe". Met hierdie etiek reken Schweitzer af met die heersende antroposentrisme en verklaar hy homself ontvanklik vir al die geskapenes. Die gangbare Westerse etiek was vir hom reduksionisties. Dit was uitsluitlik gerig op die belange van die mens. Holisme is daarom betrokkenheid, 'n allesomvattende betrokkenheid. Ook al is die werklikheid in tallose fragmente opgedeel, dit bly tog een groot geheel.

### 3.3.7 Verbondenheid ("commitment")

'n Menslike lewe verbind hom aan wat God sê en dit gee doel en betekenis aan die mens se bestaan. Hierdie verbondenheid beteken dat die mens elke dag sal lewe as dissipels van Jesus en as dienskneg van sy/haar medemens.

Hierdie verbondenheid met Christus is moontlik. Dit word duidelik uitgewys in Jesus se Hoëpriesterlike Gebed:

*"Ek bid egter nie net vir hulle nie, maar ook vir dié wat deur hulle woorde tot geloof in My sal kom. Ek bid dat hulle almal een mag wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U, dat hulle ook in Ons mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het. Die heerlikheid wat U My gegee het, het Ek ook aan hulle gegee, sodat hulle een kan wees net soos Ons een is: Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees, sodat die wêreld kan weet dat U My gestuur het en hulle liefhet net soos U My liefhet* Joh. 17:20-23.

Die mens poog om in sy/haar optrede al meer soos Christus op te tree, sy dissipel te wees. *Discipleship calls us to lose our old self, exchanging it for a new self that reflects the very character and nature of our Lord* (Richards 1987:225). Die mens is voortdurend voor keuses. Die maak van hierdie keuses as dissipel van Jesus kan problematies wees. Die volgende riglyne kan die persoon help in sy/haar keuse:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



* Volledige oorgawe aan God;
* Ontwikkel 'n sensitiwiteit vir keuses;
* Bou verhoudings met ander gelowiges.

Dissipelskap vra oo! an die mens om dienskneg te wees. Dienskneg wees is iets anders as slaaf wees. *A slave, gladly or sullenly, bends his or her will to work at another's command ... Although the servant's role does not call for the surrender of one's will to those whom the servant aids, a servant does surrender his or her interests, giving time and effort freely in order to be of help to others.* (Richards 1987:236) Die Here het self gestalte gegee aan wat onder dienskneg verstaan word.

Dienskneg beteken nie om alles te doen wat 'n ander persoon wil hê nie, maar dit te doen wat die ander se behoeftes aanspreek. "Not what they want, but what they need." Dit is slegs moontlik as ons ander mense sien soos Jesus hulle sien - mense met groot waarde. Dan gee ons dienskneg-wees gestalte aan ware spiritualiteit.

Wat kan die Christen doen om te groei in die dienskneggestalte?

* Die Christen moet uitreik om ander te mense te leer ken. Dit is eers as jy die ander persoon ken, wat sy behoeftes vir jou sigbaar word.
* Oefen om sensitief te luister vir ander se gemoedstemmings en emosies. Luister wat sit agter die woorde.
* Bepaal en handhaaf persoonlike prioriteite. Wat geniet prioriteit: My behoeftes of 'n ander se behoeftes?

## 3.4 KONKLUSIE

Spiritualiteit is 'n baie meer omvattende term as wat 'n mens dikwels dink. Richards toon aan dat spiritualiteit 'n menslike lewe in gemeenskap met God

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



is en sluit daarom die volgende sewe aspekte in: identiteit, intimiteit, sondigheid, heerskappy, sterflikheid, heiligheid en verbondenheid.

Wanneer daar van die ontwikkeling van spiritualiteit sprake is, beteken dit dat daar aan al sewe hierdie aspekte aandag gegee moet word. Uit hoofstuk 2 het dit geblyk dat rou die persoon se hele lewe raak, daarom dan ook hierdie sewe aspekte. Tydens konstruktiewe rou moet hierdie aspekte aandag kry.

Verder is daar aangetoon dat 'n pastorale groeimodel 'n goeie keuse is vir 'n bedieningsmodel tydens rousmartpastoraat. Hierdie groeimodel het 'n heelheid as doelstelling, 'n heelheid van die menslike lewe. Hierdie hoofstuk het dan aangetoon dat so 'n heelheid gevestig kan raak wanneer spiritualiteitsontwikkeling plaasvind.

Sullender (1985:96) wys daarop dat verliese ook as eskatologiese gebeure gesien kan word. Eskatologies in die sin dat dit die mens herinner aan die snelle verbygang van tyd. Verliese is katalisators. Dit forseer die mens om te dink oor die waarde van die lewe, die waarde van dit wat verlore is en die waarde van onsself. Hierdie self-evalueringsproses kan lei tot wat Paulus berou noem. *There may be a deepening of spiritual commitments, a change in spiritual values or belief, a new sensitivity or compassion for others* (Sullender 1985:96).

Sullender (1985:96-101) wys op die volgende aspekte van groei ten tye van verlies:

* Verlies versterk geloof. Verlies herinner Paulus daaraan dat hy nie self-genoegsaam is nie. Hy moet voortdurend voor God van sy self-genoegsaamheid afstand doen. Hierdie fokus op God, wat uitsluitlik gebasseer is op geloof in God, versterk die hoop-motief vir die toekoms.

* Verlies bring volwassenheid. Dit bou aan kwaliteite soos geduld, volharding, nederigheid, dankbaarheid en selfbeheersing.[5]

---

[5] Vergelyk die vrug van die Gees - Gal. 5:22

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



- **Verlies verander en versterk oortuigings.**

- **Verlies bou liefde en gemeenskap.** *Experiences of loss and tragedy actually seem to stimulate and strengthen the bonds and gestures of love and compassion, especially between fellow sufferers* (Sullender 1985:100).

- **Verlies transformeer waardes.** Waardes wat vroeë baie belangrik vir die persoon was, beteken nie veel in die aangesig van die dood nie. *Usually this transformation of values is toward Christ's ethical system - more people oriented, less materialistic, less status oriented. When people make these types of changes in their value system, they are becoming more "like Christ".* (Sullender 1985:101)

Bogenoemde is eintlik niks anders as die ontwikkeling van spiritualiteit nie. Dit bevestig bloot die verband wat daar bestaan tussen rousmart (vanweë verlies) en die ontwikkeling van spiritualiteit.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



# HOOFSTUK 4

# NAVORSINGSRESULTATE

Rousmart is 'n ingewikkelde proses wat langer duur as die aanvanklike krisis. Die werklike dieptepunt daarvan lê nie in die eerste twee fases van die rouproses nie, maar in die laaste twee fases: die ordenings- en vormingsfase. 'n Krisismodel vir rousmartpastoraat is nie genoegsaam nie, want die model spreek nie hierdie laaste twee fases van die rouproses aan nie.

Uit die bespreking het dit geblyk dat 'n pastorale groeimodel 'n meer funksionele keuse vir rousmartpastoraat sal wees omdat dit die leemte kan vul wat die krisismodel laat deur nie aan die laaste twee fases aandag te gee nie. Die navorsing het getoon dat rou en groei interafhanklike prosesse is.

Groei is 'n op pad wees. 'n Op pad wees in die rigting van heelheid as samebindende doel van groei. Heelheid omvat die hele menslike lewe van die treurende. Aangesien dit ook die terrein is waar die begrip spiritualiteit funksioneer, staan heelheid en die ontwikkeling van spiritualiteit in 'n besondere band tot mekaar. Spiritualiteit staan in die kern van menswees. Wanneer rousmartpatoraat die ontwikkeling van spiritualiteit as doelstelling het, beweeg dit weg van 'n blote korttermyn "noodbehandeling". Rousmartpastoraat is dan in staat om groei te fasiliteer en sodoende heelheid te bevorder.

Die ontwikkeling van spiritualiteit beteken dat die pastor in sy/haar pastoraat aan die treurende aan die volgende sewe aspekte aandag gee: identiteit, intimiteit, sondigheid, heerskappy, sterflikheid, heiligheid en verbondenheid. Hierdie sewe aspekte omvat die wye spektrum van wat 'n menslike lewe in gemeenskap met God beteken. Op hierdie wyse kan die pastor die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



interafhanklike prosesse van rou en groei konstruktief begelei. Daardeur help die pastoraat die treurende om 'n konstruktiewe rouproses deur te gaan, 'n proses wat erns moet maak met die hele menslike lewe.

'n Pastorale groeimodel vir die ontwikkeling van spiritualiteit tydens rousmart is dus 'n funksionele, begronde benadering in die pastoraat aan die man of vrou wat sy of haar eggenote/eggenoot aan die dood afgestaan het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



# BIBLIOGRAFIE


Barton, D. (red) 1979. **Dying and Death.** The Williams and Wilkens Co: Baltimore.

Beumer, Jurjen (red). 1989. **Als de hemel de aarde raakt.** Uitgeversmaatschappij J.H. Kok: Kampen.

Bosman, I.D.W. 1981. **Krisisberaad as Patorale Bediening in rousmart.** Lisensiaat Verhandeling. Universiteit van Stellenbosch.

Bouma, Hans. 1989. *Holisme. Kiezen voor het leven,* in **Als de hemel de aarde raakt** - Beumer, Jurgen (red).

Burger, D.A. 1973. **Dood en rousmart.** Lisensiaat-verhandeling. Universiteit van Stellenbosch.

Cilliers, J.F. 1982. **Pastoraat aan 'n lidmaat in die skoktoestand gedurende rousmart.** Skripsie voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereiste vir die Lisensiaat in die Teologie. Universiteit van Stellenbosch.

Clinebell, Howard. 1979. **Growth counseling**. Abingdon: Nashville.

Clinebell, Howard. 1984. **Basic types of pastoral care & counseling.** Abingdon Press: Nashville.

Clinebell, Howard. 1992. **Well Being.** Harper: San Francisco.

Corazzine, John G. 1980. *The theory of Practice of Loss Therapy* in Schoenberg, B. Mark (red), **Bereavement counseling**. Greenwood Press: London.

De Bock, Ben (red). 1991. **Ziel en Zaligheid.** Uitgeversmaatschappij J.H. Kok: Kampen.

De Klerk, W.J. 1972. **Rousmart.** Die Evangelis Boekhandelaar De Jong (Edms) Beperk: Johannesburg.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



De Klerk, W.J. 1977. **Rousmart**. De Jong: Braamfontein.

Gerkin, Charles V. 1979. **Crisis experience in modern life.** Abingdon: Nashville.

Jackson, Edgar N. 1977. **The many faces of Grief.** Abingdon: Nashville.

Johnson, Luke T. 1990. **Faith's Freedom.** Fortress Press: Minneapolis.

Jackson, Edgar N. 1957. **Understanding Grief.** Abingdon: Nashville.

Kübler-Ross, Elisabeth. 1973. **On death and dying.** Tavistock Publications: London.

Kübler-Ross, Elisabeth. 1975. **Death. The final stage of Growth.** Prentice-Hall, Inc.: New Jersey.

Lipinski, Beatrice G. 1980. *Seperation Anxiety and Object Loss* in Schoenberg, B. Mark (red), **Bereavement counseling**. Greenwood Press: London.

Loosen, Loed. 1991. *De spiritualiteit van de pastor* in **Ziel en Zaligheid**. Ben de Bock (red).

Louw, D.A. 1989. **Suid-Afrikaanse Handboek van Abnormale Gedrag.** Southern Boekuitgewers (Edms) Bpk.: Johannesburg.

Louw, D.A. 1990. **Menslike ontwikkeling.** HAUM-Tersiêr: Pretoria.

Louw, D.J. 1993. **Pastoraat as ontmoeting.** RGN: Pretoria.

Louw, Daniël J. 1994. **Illness as crisis and challenge**. Orion: Halfway House.

Maslow, Abraham H. 1968. **Toward a Psychology of being.** D. van Nostrand Company: New York.

McFague, S. 1983. **Metaphorical Theology Models of God in Religious Language.** SCM Press Ltd: Great Britain.

Moltmann, J. 1972. **Der gekreuzigt Gott.** Kaiser: München.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Nelson, Richard C. 1980. *Living and Choossing - in the Face of Death* in Schoenberg, B. Mark (red), **Bereavement counseling**. Greenwood Press: London.

Oates, Wayne E. 1976. **Pastoral Care and Counseling in Grief and Separation.** Fortress Press: Philadelphia.

Odendaal, F.F. (red) 1983. **Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal.** Perskor-Boekdrukkery: Johannesburg.

Parkes, Colin Murray. 1975. **Bereavement.** Penguin Books Ltd: England.

Peterson, Geoffrey. 1982. **Conscience and Caring.** Fortress Press: Philadelphia.

Raphael, Beverley. 1984. **The anatomy of bereavement.** Hutchinson: London.

Richards, Lawrence O. 1987. **A practical theology of spirituality.** Academic Books: Michigan.

Smit, D.J. 1989. *Kan spiritualiteit beskryf word?* **NGTT**, Deel XXX, Nr 1, Januarie 1989.

Spiegel, Yorick. 1977. **The grief process.** Abingdon: Nashville.

Sullender, R. Scott. 1985. **Grief and Growth.** Paulist Press: New York.

Switzer, David K. 1970. **The dynamics of grief.** Abingdon Press: New York.

Switzer, David K. 1992. **The minister as crisis counselor.** Abingdon Press: Nashville.

Ter Steeg, Maria. 1989. *Vrouwen onderweg. Teresa van Avila, Thérèse van Lisieux, Edith Stein en Etty Hillesum*, in **Als de hemel de aarde raakt** - Beumer: Jurjen (red).

Thayer, Nelson S.T. 1985. **Spirituality and Pastoral care.** Fortress Press: Philadelphia.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



**Van Baest, Marieke.** 1989. *Har name es AMOR van der doot. Mystiek en spiritualiteit aan de hand van Hadewijch*, in **Als de hemel de aarde raakt** - Beumer, Jurjen (red).

Van der Merwe, A.F. 1990. **'n Kritiese evaluering van die sosio-politieke dimensie in die relasionele groeimodel van Howard J. Clinebell.** Proefskrif ingelewer vir die graad Doktor in die Teologie aan die Universiteit van Stellenbosch.

**Van Leeuwen, Hans.** 1991. *Verhouding spiritualiteit en Theologie* in **Ziel en Zaligheid** - Ben de Bock (red).

**Van Rijsdijk, Mink.** s.j. **Liever geen besoek. Geen bloemen ... maar daarna?** Uitgeversmaatschappij J.H. Kok: Kampen.

Van Velden, A.J. 1995. **Die Godsbegrip van die kleuter: 'n Voorstel vir die metafoor "God as Vriend".** Werkstuk ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad B.Th. aan die Universiteit van Stellenbosch.

Westerhoff, John H. 1994. **Spiritual Life.** Westminster John Knox Press: Louisville, Kentucky.

Worden, J. William. 1993. **Grief counseling and grief therapy.** Tavistock/Routledge Publication: Great Britain.